

**VERNUWING VAN MAATSKAPLIKE NORME AS TEMA IN
AFRIKAANSE JEUGLITERATUUR VANAF 1985 TOT 1995**

deur

**B.K. SHEZI
B.A., B.A.(Hons)**

**DISSERTASIE INGEHANDIG BY DIE FACULTY OF ARTS TER VERVULLING VAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD**

MAGISTER ARTIUM

IN

AFRIKAANS

AAN

**DIE UNIVERSITEIT VAN ZULULAND
DURBAN-UMLAZI KAMPUS**

STUDIELEIER: DR. EMM KLOPPER

DATUM INGELEWER: JANUARIE 1999

OPSOMMING

Hierdie studie behels 'n ondersoek na jeugliteratuur, wat gesien word as verhale met eiesoortige kenmerke wat moet voldoen aan die sielkundige behoeftes van die tiener. Die doelwit is 'n ondersoek na die vernuwing van maatskaplike norme in Afrikaanse jeugliteratuur vanaf 1985 tot 1995. Hoewel maatskaplike norme 'n sisteem vorm wat as geheel deur die lede van die samelewing beheer moet word, kan die verhouding tussen verskillende rassegroepe uitgesonder word as die maatskaplike norm wat vir dekades 'n groot bron van probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing was, en nog steeds nie volkome opgelos is nie. Daar word dan in hierdie studie gekyk na die uitbeelding van die verhouding tussen verskillende rassegroepe in Afrikaanse jeugliteratuur, en die hipotese wat getoets word, is dat die veranderde norme in die samelewing gereflekteer sal word in literatuur vir jongmense ten einde hulle te help om as volwaardige volwassenes op te tree.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie in enigeen van die verhale wat ontleed is, enige negatiewe rassistiese voorstellings van swart of ander karakters op grond van rasseverskille voorkom nie. Die Suid-Afrikaanse samelewing word uitgebeeld as ongeïntegreerd en daar word ook erkenning gegee aan die feit dat daar grense en ongelykhede bestaan tussen mense op grond van politieke en sosiale faktore. Daar word egter ook aan die ander kant erkenning gegee aan die nadelige gevolge van hierdie politieke stelsel, en dit is veral belangrik dat karakters uit verskillende rasse- en sosiale groepe as innerlik gelykwaardig uitgebeeld word. Daar word klem gelê op die sielsgenootskap tussen mense en die feit dat ons almal op die psigiese vlak dieselfde probleme en behoeftes het, en dat mense, ongeag hulle velkleur, mekaar kan help in die groeiproses tot groter lewenskennis en selfinsig.

SUMMARY

This study concerns youth literature as a unique type of narrative suited to fulfil the psychological needs of adolescents. The aim of the study to investigate the renewal of social norms in Afrikaans youth literature between 1985 and 1995. Although social norms can be seen as forming a coherent system that needs to be understood and adhered to by all members of society, the norms concerning relationships between different racial groups can be singled out as being particularly problematic in South African society. The portrayal of relationships between different racial groups in Afrikaans youth literature is analysed in order to test the assumption that the substantial changes regarding racial norms that recently occurred in our society would be reflected in these texts.

No negative portrayals on the grounds of racial differences could be found in the analysed texts. South African society is depicted as fragmented and unequal as a result of the racial policies of the past. The negative effects of this political situation on the lives of people are recognised, but at the same time characters from different racial groups are portrayed as being equal on a spiritual level. The central theme in all the analysed texts is that all people have the same problems and needs and that we can help each other to reach a better understanding of ourselves and of life in general despite differences in skin colour.

DANKBETUIGINGS

Met die afhandeling van hierdie studie wil ek graag my opregte dank betuig teenoor:

- Dr. E.M.M. Klopper vir haar bekwame leiding as studieleier en vir haar inspirasie as leermeesteres. Graag bedank ek ook Prof. R.M. Klopper vir sy morele steun en motivering.
- Die Stigting vir Afrikaans vir die studiebeurs van R 3000 en ook die N.A.T.U. vir R2000 wat hulle tot my studiegeld bygedra het.
- Die volgende lede van my familie wat my aangemoedig het om verder te studeer: my oorlede ouers, Gibson en Cecilina, en my broer, Johnson, my vrou, Christina, my dogter, Casho en my twee seuns, Talent en Advice, my susters, Gladys, Minah, Rejoyce, Virginia en Alice, my tantes Rachel en Elizabeth en al die ander lede van my familie asook al my vriende.
- Die United Methodist Church of Southern Africa, en veral Ds. S.P. Madokwe, die Superintendent van ons Kring en ander predikante, en vir almal wat my met raad en aanmoediging gehelp het. Sonder hulle sou ek nie die innerlike krag hê om my werk pligsgetrou te doen nie.
- Die Almagtige God wat aan my die krag en deursettingsvermoë gegee het om hierdie studie te voltooi.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: TEORETIESE VERKENNING	7
1.1 'n Definisie van die begrip “jeugliteratuur”	7
1.2 Die kenmerke van jeugliteratuur	8
1.3 'n Definisie van die begrip “maatskaplike norme”	13
1.4 Bestaande besprekings van die hantering van rasseverhoudings in jeugliteratuur	15
1.4.1 Töttemeyer (1984)	15
1.4.2 Esterhuyse (1986)	21
1.5 Samevatting	22
HOOFSTUK 2: LEESVERSLAG	23
2.1 Oorsig van jeugverhale wat gepubliseer is vanaf 1985 tot 1995	23
2.2 Oorsig van jeugverhale gelees	23
2.3 Bespreking van die kenmerke van verskillende tipes jeugverhale	23
2.4 Klassifisering van gelese jeugverhale	27
2.5 Samevatting	31
HOOFSTUK 3: BESPREKING VAN SPESIFIEKE JEUGVERHALE	32
3.1 Inleiding	32
3.2 <i>Karel Kousop</i> – Dolf van Niekerk	32
3.3 <i>Die sakmense</i> – Maretha Maartens	38
3.4 <i>Droomwa</i> – Barry Hough	43

3.5 Samevatting	49
HOOFSTUK 4: BESPREKING VAN SPESIFIEKE JEUGVERHALE	50
4.1 Inleiding	50
4.2 <i>Terug na Grootgeluk</i> – Hannah Bell	50
4.3 <i>'n Reënboog oor Grootbaai</i> – Mary-Ann van Rensburg	52
4.4 <i>'n Roofvoël uit die Ooste</i> – Rona Rupert	56
4.5 Samevatting	63
HOOFSTUK 5: SAMEVATTING	64
ADDENDUM 1: JEUGVERHALE GEPUBLISEER VANAF 1985 TOT 1995	67
ADDENDUM 2: GELESE JEUGVERHALE	74
BIBLIOGRAFIE	77

HOOFSTUK 1

TEORETIESE VERKENNING

1.1 'N DEFINISIE VAN DIE BEGRIP "JEUGLITERATUUR"

In hierdie studie word daar gekyk na Afrikaanse jeugliteratuur. Met die term "jeugliteratuur" word bedoel verhale vir ouer kinders, ongeveer vanaf die begin tot die einde van die hoërskoolfase. Uitgewers en kritici maak dikwels nie 'n duidelike onderskeid tussen die kategorieë "kinderliteratuur" en "jeugliteratuur" nie. Soms word alle literatuur wat nie as "volwasse literatuur" beskou word nie, as "kinderliteratuur" geklassifiseer (vergelyk byvoorbeeld (Stenberg 1986)) en soms word die oorkoepelende term "jeugliteratuur" gebruik vir alle letterkunde wat vir nie-volwassenes geskryf is, vergelyk byvoorbeeld die volgende definisie uit De Vos en Meijer (1985:11) waarin daar erkenning gegee word aan die verskil tussen kinder- en jeugliteratuur, maar waarin hierdie verskil om praktiese redes geïgnoreer word :

Er wordt nog wel eens een verschil gemaakt tussen kinderliteratuur en jeugliteratuur. Dit verschil berust op de leeftijdsgroepen waarvoor de literatuur bestemd is. Wij hanteren dat onderscheid niet. Dat heeft onder meer een heel praktische reden. Wij zouden dan namelijk voortdurend moeten schrijven: kinder- en jeugliteratuur. (...) Bovendien: waar houdt de kinderliteratuur op en begint de jeugliteratuur?

Tog is daar bronne wat 'n onderskeid maak tussen tekste wat geskryf is vir jonger kinders (kinderliteratuur) en dié wat meer geskik is vir ouer kinders (waarvoor daar 'n verskeidenheid terme soos "jeugliteratuur", "tienerliteratuur", of "literatuur vir jong volwassenes" gebruik word) soos blyk uit die volgende definisie uit Nilsen en Donelson (1993:6):

By young adult literature, we mean anything that readers between the approximate ages of twelve and twenty choose to read ... When we talk about children's literature, we refer to books released by the juvenile or junior division of the publisher and intended for children from prekindergarten to about sixth grade.

1.2 DIE KENMERKE VAN JEUGLITERATUUR

Die jeugverhaal is 'n eiesoortige verhaal met kenmerke wat dit onderskei van ander tipe verhale. In besprekings oor jeugliteratuur word daar gewoonlik faktore uitgesonder wat die leesgedrag van tieners beïnvloed. In 'n inligtingstuk oor jeugliteratuur opgestel deur die instituut bekend as *Iskemus* aan die Universiteit van Stellenbosch word faktore soos ouderdom, geslag, intelligensie, die peil van emosionele ontwikkeling van die tiener, asook die sosio-ekonomiese agtergrond en kulturele en huislike omgewing gereken as bepalend hiervan. Volgens hierdie besprekings bestaan daar by tienerjarige bepaalde sielkundige behoeftes wat deur lees bevredig kan word, naamlik:

- *Die behoefte aan emosionele onafhanklikheid:* Hierdie behoefte het te doen met die verhouding van die tiener tot sy gesinslede en die gemeenskap. Hy strewende daarna om as onafhanklike lid van die gemeenskap aanvaar te word. Hy moet leer dat hierdie behoefte geen vreemde verskynsel is nie, maar 'n noodsaaklike stap op pad na volwassenheid.
- *Die behoefte aan voorbereiding vir die volwasse lewe:* Gedurende die adolessente periode word dikwels van die tiener verwag om soos 'n volwasse persoon op te tree,

maar hy het 'n gebrek aan ondervinding, kennis en emosionele rytheid. Hy kan nog nie die verantwoordelikheid van 'n volwassene aanvaar nie. Om die volwasse wêreld met vertroue te betree, verlang die tiener besonderhede omtrent studiegeleenthede en 'n verskeidenheid van beroepe of na-skoolse werkseleenthede. Hy wil graag meer weet van sy toekomstige loopbaan, sy lewensmaat en sy gesin.

- *Die behoefte aan kennis omtrent die fisiese wêreld:* Tieners moet voldoende kennis besit van die fisiese wêreld en die wêreldtoestand. Hulle moet tred hou met snelveranderende omstandighede en die verbluffende en verstommende skok van die kenninsontploffing wat in ons tyd plaasvind.
- *Die behoefte aan gesonde gesinsverhoudings:* Die tiener het 'n behoefte aan die stabiliteit van 'n normale gesinslewe. Daar is dikwels ontstemmende en ontwrigtende gesinsprobleme soos dronkenskap, verwaarlosing en egskeiding wat hy probeer oplos of rasionaliseer.
- *Die behoefte om deel van 'n groep te wees:* Die tiener wil graag deel wees van 'n sosiale groep, soos blyk uit die vorming van bendes. Die leesbehoefte en leesmotiewe van die groep sal ook 'n invloed uitoefen op die leespatroon van individuele lede van die groep. Die individu word gemotiveer deur die sosiale en eksterne leesbehoefte van die groep waaraan hy behoort. In 'n groepsbestaan ontwikkel die tiener aanpassingsvermoë en hy ondervind die sekuriteit waaraan hy behoefte het.
- *Die behoefte aan affiliasie, vriendskap en liefde:* Binne die sosiale groep waaraan die tiener behoort, kan hy dikwels in aanraking kom met opregte vriendskap, en tydens adolessensie maak hy ook dikwels kennis met die liefde vir iemand van die teenoorgestelde geslag. Hierdie liefdesverhoudinge kan soms ook homoseksueel van aard wees. Die tiener het dus leiding nodig om te voorkom dat eerste liefdesverhoudings vir hom 'n onstellende en traumatiese ervaring word. Vriendskap

tussen tieners en bejaarde persone kan dikwels 'n verrykende ervaring vir beide groepe wees en tieners het soms 'n behoefte aan die lewenservaring, leiding en vriendskap van 'n ouer persoon.

- *Die behoefte om te presteer:* Die tiener word geaktiveer deur die prestasie-motief om 'n positiewe evaluering van homself te bewerkstellig en te handhaaf. By die tiener tref ons dikwels nog die houding van "Ek sal hulle wys" van die pre-puberteitskind aan. Hulle moet dus nog leer om persoonlike probleme te oorwin en karaktereienskappe te ontwikkel wat kan bydra tot prestasie.
- *Die behoefte aan die estetiese:* Die mens word nie gebore met 'n perfekte aanvoeling vir estetiese waardes nie. Dit moet aangekweek word deur die oordeelkundige bevrediging van die leesbehoefte en deur ware skoonheidservaring. Plate, kunsafdrukke en smaakvol ontwerpte boeke met goedversorgde taalgebruik kan soms hierdie onuitgesproke behoefte bevredig sonder dat die tiener selfs bewus is daarvan. Boeke wat oor morele, etiese of sosiale probleme handel, is ook geskik om 'n aanvoeling vir estetiese waardes by die tiener te kweek.
- *Die behoefte aan ontspanning en ontvlugting:* Tieners het 'n behoefte aan emosionele ontlading en algehele ontspanning veral as gevolg van die spannende samelewing van vandag. Ontspanningsleesstof dien as 'n veiligheidsklep en 'n medium van ontvlugting van die saai, frustrerende of neerdrukkende alledaagse bestaan.

Ten einde te ontwikkel tot 'n gebalanseerde volwassene, moet aan die bogenoemde behoeftes van die tiener voldoen word. Verhale waarin hierdie behoeftes van tienerkarakters ter sprake kom, kan daartoe bydra dat die tiener tot 'n vergelyk met sy eie behoeftes kom.

Volgens Ellis (in Cilliers (1988)) moet jeugliteratuur met 'n sterk styl- en taalgebruik geskryf word en die werklikheid weerspieël waarin die tiener leef. Dit moet realistiese

jeugverhale wees waarin die probleme, dilemmas, vreugdes en konflikte van die jeug uitgebeeld word en waarin oplossings vir probleme wat met die werklikheid verband hou, gebied word. Jeugliteratuur moet identifiseer met die moderne verstedelike kind en tred hou met die snelle tegnologiese ontwikkeling.

Ellis sonder sake soos gesinsverbokkeling, drankmisbruik, depressie, egskeiding, die dood en selfmoord uit as probleme waarmee die moderne kind te doen kry. Sy reken dit is bemoedigend dat daar al moderne jeugverhale gepubliseer word waarin hierdie tipe jeugprobleme realisties, met groot eerlikheid en sonder melodrama vanuit die oogpunt van die kind benader word. Sy wys egter daarop dat daar baie min Afrikaanse jeugverhale bestaan waarin anderskleurige jeugdige op 'n bevredigende manier uitgebeeld word. In boeke met rasseverhoudinge as tema word daar nog steeds stereotiep voorstellings van swart en wit karakters gemaak.

Ellis is van mening dat die soort verhaal wat sy as geskik vir tieners beskou, tot al die jeugdige in Suid-Afrika moet spreek, en nie net tot 'n klein eksklusiewe groepie bevoorregte lesers nie. Sulke boeke mag nie die kinderleser se menswaardigheid aantast deur die voorstelling van die anderskleurige karakters as minderwaardig, ondergeskik, onderdanig of ongeletterd nie. Die karakters moet ook nie eendimensioneel, karikatuuragtig of stereotiep wees nie.

Volgens Leshoai (in Cilliers (1988)) leer literatuur vir die jeug lesse oor politiek, ekonomiese ontwikkeling, asook omtrent die noodsaaklikheid van godsdienstige en kulturele identiteit. Hy wys daarop dat skrywers in Afrika net fokus op volwassenes in bevrydingsliteratuur en dat dit oor die hoof gesien word dat daar 'n verskil moet wees tussen boeke vir kinders en boeke vir volwassenes. In skole word daar dikwels boeke voorgeskryf wat handel oor Europa, sodat die kulturele agtergrond daarin vir kinders

vreemd is. Hy sê dat kinders boeke moet lees oor hulle eie land wat verband hou met hulle eie ondervinding.

Steenberg (in Cilliers (1988)) fokus ook op die feit dat boeke een van die beste maniere is waardeur die behoeftes van tieners bevredig kan word. Sy reken dat boeke van gehalte aan die tiener beskikbaar gestel moet word sodat hy self, bewus of onbewus, daaruit kan kry wat hy op daardie stadium nodig het. Sy onderskei drie hoofgroepe behoeftes by tieners, naamlik, dit wat te doen het met die self, met ander wat die self beïnvloed, en met die drang om nie-realistiese dimensies te verken. Die tiener beleef intens vanuit homself, sien alles en almal in verhouding tot homself, daarom moet boeke eerstens vir hom die wêreld belig vanuit sy eie belewing en uitgaande van eie krisisse en probleme. Die tiener spieël homself in 'n hoofkarakter, identifiseer met hom en groei deur dié karakter se gedagtes en ervarings tot eie groter insig en verheldering.

Volgens Jansen (in Cilliers (1988)) is skrywers vasgeknoop aan hulle verlede deur geheue en aan die toekoms deur vergesigte. Letterkunde weerspieël die waardes van 'n besondere gemeenskap. Die waardes wat in die Suid-Afrikaanse letterkunde weerspieël word, is dikwels dié van 'n verdeelde gemeenskap. Tensy skrywers die denkbeelde van mense in 'n gemeenskap verander, sal daardie waardes wat al vir eeue by mense bestaan, nie verander nie.

Jansen verwys na 'n voorlesing gelewer deur Edie Jantjies waarin die doelwitte van lees vir kinders as volg gedefinieer word: om hulle in kontak te bring met hul medemens en hulle sensitief te maak vir menslike behoeftes; om hulle te help om die volle spektrum van menslike emosies en aktiwiteite te ervaar; om hulle deelgenootskap aan die menslike ras te verdiep; en om hulle aan te moedig om vrae te vra. Sy lewer dan kommentaar op een van hierdie doelwitte, naamlik om simpatie en begrip te bevorder en reken dat in plaas van dit te doen, skrywers in ons land in die verlede bewus en onbewus waardes soos rassisme,

seksisme, klassebewustheid, morele meerderwaardigheid en enkelingskap aangemoedig het. Verder het skrywers ook politieke polarisering aangemoedig.

Volgens Nilsen en Donelson (1993:9-31) is dit belangrik dat 'n gemeenskap moet lees, en hulle sonder die volgende uit as kenmerkend van goeie jeugliteratuur:

- Boeke moet spesifiek vir jongmense geskryf word.
- Boeke moet so geskryf word dat kinders toegelaat word om selfstandig op te tree, sonder inmenging deur die ouers.
- Die verhale moet realisties wees.
- Jeugboeke moet alle genres en verskeie onderwerpe dek.
- Karakters van verskillende etniese en kulturele groepe moet in verhale uitgebeeld word.
- Jeugboeke moet wesentlik optimisties wees, met karakters wat iets waardevols doen.
- Jeugboeke moet so bemark word dat dit ontwikkelings in die populêre kultuur in ag neem en vir die jeug aantreklik gemaak word. Dit sal die verkope asook die lees van jeugboeke stimuleer.

1.3 'N DEFINISIE VAN DIE BEGRIP "MAATSKAPLIKE NORME"

Die doelwit van hierdie studie is 'n ondersoek na die vernuwing van maatskaplike norme in die Afrikaanse jeugliteratuur tussen die jare 1985 en 1995. Dit is dus nodig om 'n definisie te gee van wat bedoel word met die begrip "maatskaplike norme" en 'n omskrywing te gee van die aard van die maatskaplike norme wat ondersoek gaan word.

Elke bekende kultuur het sy eie norme wat in daardie gemeenskap geld. Die norme wat in 'n bepaalde kultuur geld, is van toepassing op elke persoon in daardie samelewing. Elke lid van die samelewing leer vroegtydig in sy lewe wat geld as die aanvaarbare manier van optrede, as oortredings, as die gepaste straf vir oortredings of as beloning vir goeie dade.

Al hierdie dinge vorm deel van 'n sisteem waarop die funksionering van die gemeenskap berus.

Maatskaplike norme is die geloof van 'n besondere gemeenskap of van bepaalde lede van 'n kultuur om hulle op 'n besondere manier te gedra. Hierdie gedrag wat die kinders aanleer deur navolging van hulle ouers, dui die maatskaplike norme van die gemeenskap aan. Maatskaplike norme is daarom die reëls wat die gemeenskap voorskryf vir alle mense, jonk sowel as oud.

Maatskaplike norme bepaal dus die gedrag van die samelewing. Hierdie gedrag sluit byvoorbeeld in dat daar klem gelê moet word op die agting vir elkeen se eie persoonlikheid, ontsag vir menslike waardigheid en vir gelykberegtiging ongeag ras, geloofsbelydenis en velkleur. Hierdie norme bepaal ook hoe mense in die samelewing hulle probleme oplos. Dit reflekteer ook die vermoëns wat mense in die gemeenskap besit en hoe elke persoon positief kan ontwikkel. Dit raak verder die verhouding tussen rasse, byvoorbeeld die norm dat mense met 'n bepaalde velkleur as minderwaardig beskou word terwyl mense van 'n ander velkleur hoër status of gesag geniet. Hierdie norm was byvoorbeeld die oorsaak van rasseprobleme in die Suid-Afrikaanse samelewing in die tydperk van separatistiese denke. Maatskaplike norme raak ook die gesinslewe, die manier waarop die verskille tussen die ouer en die jonger geslag in die samelewing gehanteer word, sowel as die status van mans en vrouens, byvoorbeeld dat seuns en mans as die leiers beskou word terwyl meisies en vrouens volgelinge is.

Uit die bespreking van die kenmerke van jeugliteratuur wat in die vorige afdeling gegee is, het dit geblyk dat hierdie verhale geskik moet wees om te beantwoord aan die behoefte van die tienerjarige om te ontwikkel tot 'n volwassene wat op 'n selfstandige manier sy/haar plek in die samelewing kan volstaan. Hieruit volg dan dat die tiener die norme van die samelewing moet leer ken en die vermoë moet ontwikkel om daarvolgens te kan leef.

Hoewel die norme van die samelewing as 'n sisteem gesien kan word, en die lede van elke samelewing hierdie sisteem in geheel moet beheer om as 'n volwaardige lid van daardie samelewing te funksioneer, is dit so dat daar in bepaalde gemeenskappe sekere norme is wat meer problematies is as andere. Indien daar na die Suid-Afrikaanse gemeenskap gekyk word, kan die verhouding tussen die verskillende rassegroepe uitgesonder word as die maatskaplike norm wat vir dekades 'n bron van groot maatskaplike probleme was, en dit sou ook geregverdig wees om te sê dat ons selfs vandag nie al hierdie probleme in ons samelewing opgelos het nie. Daar sou verder aangevoer kon word dat daar oor die afgelope jare baie veranderings in ons gemeenskap plaasgevind het ten opsigte van die aard van hierdie probleem, die redes hiervoor en die manier waarop hierdie probleem gehanteer word.

In hierdie studie word daar gekyk na die uitbeelding van die verhouding tussen verskillende rassegroepe in Afrikaanse jeugliteratuur in die dekade voor die totstandkoming van 'n nie-rassige samelewing in Suid-Afrika, soos gesimboliseer deur die eerste demokratiese verkiesing en die aanvaarding van die nuwe grondwet waarin alle mense gelykgestel word. Gedurende hierdie periode vanaf 1985-1995 het daar ingrypende veranderings in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind ten opsigte van norme rakende die kwessie van ras en velkleur, en die hipotese wat getoets gaan word, is dat hierdie veranderende norme in die literatuur vir jongmense gereflekteer sal wees, ten einde hulle te help om as volwaardige volwassenes te funksioneer in 'n veranderde en veranderende samelewing.

1.4 BESTAANDE BESPREKINGS VAN DIE HANTERING VAN RASSEVERHOUDINGS IN JEUGLITERATUUR

As vertrekpunt vir hierdie ondersoek gaan gekyk word na bestaande besprekings van hierdie probleem van die hantering van rasseverhoudings in Afrikaanse jeugliteratuur. Daar bestaan twee uitvoerige studies oor hierdie onderwerp, naamlik Töttemeyer (1984) en Esterhuyse (1986) waaraan vervolgens redelik uitvoerig aandag gegee sal word.

1.4.1 TÖTEMEYER (1984)

Die doelstelling in Töttemeyer (1984) is 'n ondersoek na die manier waarop die Afrikaner as sosiale groep die teenstrydighede in sy maatskappy en sy geskiedenis aan kinders probeer regverdig deur middel van letterkunde. Vir die bereiking van hierdie doelwit probeer sy dan bepaal wat die aard en ontwikkeling is van rassistiese houdinge soos gereflekteer in die uitbeelding van swartmense in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Haar ondersoek dek kinder- en jeugliteratuur vanaf die vroegste tekste in Afrikaans tot aan die begin van die jare tagtig van hierdie eeu. Sy spreek die hoop uit dat hierdie studie skrywers, uitgewers en die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die algemeen sal aanmoedig om vrae te vra oor hulleself en hulle omgewing. Töttemeyer definieer die volgende begrippe aan die hand waarvan sy dan rassistiese houdings in die literêre tekste identifiseer en ontleed:

- *Vooroordeel*: Die term "vooroordeel" kan positief of negatief wees, maar dit geld gewoonlik in die negatiewe sin wanneer dit gaan oor vooroordeel teenoor wat Töttemeyer "uit-groepe" noem. Etniese vooroordeel is 'n antipatie gebaseer op 'n foutiewe en onbuigsame veralgemening. Hierdie vooroordeel kan gerig wees teen 'n groep mense of dan net teen een persoon as deel van daardie groep. Mense ontken gewoonlik dat hulle bevooroordeel is teenoor ander mense. Vooroordeel is 'n vorm van sosiale patologie wat vergelyk kan word met misdaad. Dit hou verband met hoe 'n mens grootgemaak is: kinders van outoritêre en onbuigsame ouers sal geneig wees om ook bevooroordeel te wees. Vooroordeel is irrasioneel, gebaseer op emosies en diep

gesetelde psigologiese kragte. Vooroordeel verberg 'n individu se vrees vir vreemdelinge, dit sanksioneer 'n individu se onwilligheid om 'n ander groep se kultuur en waardes te leer ken uit vrees dat hy syne sal moet aanpas, dit regverdig dat 'n ander groep op 'n negatiewe onmenslike of onetiese manier behandel word en dit dien om trots op jou eie groep te versterk.

- *Ras*: Hierdie term is gebaseer op biologiese kenmerke waarvolgens mense in drie rassegroepe geklassifiseer word, naamlik mongoloïed, negroïed en koukasoïed. Die verskille tussen hierdie groepe is egter negeerbaar klein en vorm gewoonlik nie die grondslag waarop sosiale groeperings plaasvind nie. Die basis vir sosiale groeperings is gewoonlik kultuur, wat bepaal word deur opvoeding, taal, godsdiens, tegniese kennis en sosiale gewoontes. Hierdie kenmerke word nie geneties oorgeërf nie, maar aangeleer en bepaal deur sosiale en historiese faktore.
- *Rassisme*: Dit is die geloof in die oorerflike meerderwaardigheid van jou eie sosiale groep en die oorerflike minderwaardigheid van ander sosiale groepe met sigbare verskille in biologiese kenmerke. Kulturele verskille word dan toegeskryf aan biologiese faktore deurdat gedragsvorme, gebruike en gewoontes beskou word as ingebore eerder as aangeleer. Die ingroep verkies hulle eie kenmerke en beskou dit as die norm. 'n Rassistiese gemeenskap sal ook gekant wees teen die vermenging van groepe, aangesien hulle glo dat dit sal lei tot degenerasie van die superieure groep.
- *Etnosentrisme*: Dit is 'n siening waarvolgens jou eie groep die middelpunt uitmaak en alle ander groepe beoordeel word vanuit hierdie gesigspunt.
- *Stereotipering*: Dit is die vaste onveranderlike siening van die lede van 'n groep gebaseer op 'n vereenvoudiging van feite tot 'n bekende patroon.
- *Swart en wit*: In die Indo-Germaanse tale het die woord "swart" 'n negatiewe konnotasie en "wit" 'n positiewe konnotasie. Die oorsprong van die negatiewe

konnotasies van swart is nie aan ras te koppel nie, maar dit het ontstaan uit die mens se vrees vir duisternis. Later is die beeld van swart in verband gebring met sonde en wit in verband met suiwerheid en eerbaarheid. Swart hou ook verband met boosheid en die vreemde en ook met dood en verdriet.

In sy bespreking van die negatiewe uitbeelding van swartes en vreemdelinge in Afrikaanse kinder-en jeugliteratuur kom Töttemeyer tot die gevolgtrekking dat die grootste voorkoms hiervan voor 1960 gevind kan word en dat daar weinig sprake hiervan is na hierdie tydstip. In die verhale waarin uitgroepe negatief voorgestel word, word die Afrikanerkultuur op 'n etnosentriese manier gesien as superieur teenoor diè van uitlanders en swartmense. Volgens hierdie aanname het die Afrikaner die reg op spesiale voorregte en op 'n selfsugtige soort liefde vir sy "volk" of "nasie" wat nie die gevoelens van lojaliteit van ander groepe vir hul land erken nie. Töttemeyer sonder die volgende maniere uit waarop swartmense rassisties voorgestel word:

- Die swartmens is infantiel, het die beskerming van sy virtuose, vrygewige en alwetende baas nodig.
- Witmense moet bedien word en swart bediendes moet bevele van hul wit meesters uitvoer. Dis ook aanvaarbaar dat swart kinders werk en dat daar geen verpligtende opvoeding vir hulle is nie.
- 'n Donker vel word op 'n estetiese en etiese manier verbind met dit wat negatief is: Europese maatstawwe word gebruik vir wat mooi is, en wit staan vir goeie karaktertrekke en swart vir slegte karaktertrekke.
- Sosiale of fisiese kontak met swartes word afgekeur. Gedragkodes vir die handhawing van sosiale afstand word uitgespel. Aanspreekvorme wat verskille in sosiale rang merk, word vir kinders deur letterkunde aangeleer, diensbaarheid en nederigheid by swartes

word beskou as tekens van 'n goeie verhouding tussen baas en bediende en familiariteit tussen swart en wit word gestraf.

- Die idee word oorgedra dat swartes nie altyd hoef te was nie, aangesien vuilheid nooit op 'n swart vel wys nie.
- Seksuele verhoudings tussen swartes en Afrikaners word met die grootste afkeur bejeën.
- Swartes word as barbare voorgestel. Hulle loop nakend rond, eet ongekoekte vleis en het barbaarse begeertes. In illustrasies word karikature van swartes geskep deur kenmerkende eienskappe te verwring.
- Die idee dat die swartes nie so intelligent soos wittes is nie, word gekommunikeer, en ook dat die swartes moet verdra om bespot te word, want God het hulle as minderwaardige wesens gemaak.
- Die indruk word geskep dat dronkenskap swartes aanmoedig om hulle te verlustig in oormatighede soos owerspel. Veral die Kleurling word voorgestel as losbandig tot die punt van uiterse banaliteit.
- "Humor" word gebaseer op die domheid en onkunde van swartes met die doel om gevoelens van meerderwaardigheid by wit kinders aan te kweek.
- Wit kinders word toegelaat om swartes te beledig, en enige poging van verset hierteen kan ernstige gevolge, soos lyfstraf of afdanking, tot gevolg hê.

Töttemeyer wys egter daarop dat daar verskeie Afrikaanse skrywers is wat 'n intieme kennis van en 'n eerlike bewondering vir swartmense het, en wat hoogs informatiewe en waarderende letterkunde vir kinders skryf met die doel om beter begrip en waardering tussen die verskillende kulture aan te moedig. Sy sonder die volgende maniere uit waarop swartes positief voorgestel word in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur:

- Die wysheid van swartes word geprys en daar word aangedui dat wittes daarvan kan leer. Die kennis van die swartes, veral van die flora en fauna van Afrika, moedig sommige skrywers aan om die swartman deur die letterkunde as die leermeester en raadgewer van die wittes voor te stel.
- Skrywers bewys dikwels erkentlikheid teenoor swartes se onselfsugtigheid, diens en geestelike krag, en gee erkenning aan sy gevoelens. Hulle bevraagteken egter nooit die swartes se ondergeskiktheid en ongelyke stand nie.
- Daar is verskeie voorbeelde waar ouers nie toelaat dat hulle kinders onbeskof teenoor swartmense optree nie, maar waar swartmense uitgebeeld word met selfrespek en 'n eie trots as mense wie se gesag erken en gerespekteer word.
- Vriendskap en pret op die plase waar sosiale kontak tussen rasse nog moontlik is, is 'n populêre literêre tema. Skeiding van plaasvriende ter wille van opvoedkundige segregasie word as betreurenswaardig maar onvermydelik behandel. Alhoewel hierdie plaasvriendskappe nie tot met volwassenheid aanhou nie, as gevolg van sosiale en politieke grense, is die literêre aanbieding van vriendskap en pret tussen rasse gedurende kinderjare 'n belangrike manier waarop kennis vir ander rasse oorgedra kan word. Dit geld veral vir stedelike kinders wat deur segregasie vreemdelinge vir mekaar geword het.
- Ware toegeneentheid tussen rasse en besorgdheid oor die welstand en gevoelens vir mekaar kom dikwels voor, soos in die uitbeelding van hartseer oor dood van lede van ander rasse, waar swartmense uitgebeeld word as 'n plaasvervangende ouer vir ouerlose wit kinders en in die uitbeelding van krisis wat sosiale grense verbreek.
- Baie Afrikaanse kinder- en jeugboeke is gebaseer op herinneringe van noue sosiale kontak tussen swart en wit uit die skrywers se kinderjare. Sommige van die ouer skrywers is nogtans skuldig aan die "vermydingsindroom" waar hulle 'n wêreld van

rasseharmonie skep en die realiteit van botsings en rasseongelykheid vermy. Jong skrywers as produkte van 'n segregerende politieke stelsel het geen kennis van sosiale kontak met die swartes nie, en hulle worstel met die probleem om hierdie breuk in hulle odervinding te oorbrug.

- Daar is voorbeelde waar swartmense se gesigspunt van die geskiedenis in verhale as vertrekpunt geneem word. Die wittes word gekritiseer vir onregverdigheide wat die swartes aangedoen is en daar is ook veroordeling van taboes teen sosiale kontak tussen rasse.
- Daar is verskeie boeke waarin swart hoofkarakters as veelfasettige individue aangebied word. Die wit skrywers bly op die agtergrond en die feit dat die karakters swart is, is onbelangrik as gevolg van hulle komplekse en algemeen menslike geaardheid. Verhale waarin beide swart en wit as hoofkarakters geteken word, is 'n moeilike onderneming, aangesien die skrywers óf 'n wêreld van rasseharmonie moet teken óf rassebotsings moet voorstel. Verhale wat botsings uitbeeld is skaars, en baie van die skrywers kies die utopiese wêreld, gewoonlik 'n plaas- of wildernisagtergrond waarteen die harmonieuse rasseverwantskap aangebied word.

Töttemeyer se bevindings dui aan dat die vyftigerjare as 'n waterskeiding gesien kan word wat betref negatiewe uitbeelding van swart karakters. Vanaf 1950, en veral in die periode 1971 tot 1982, is swartmense toenemend die fokus van verhale, en word hulle op 'n positiewe manier uitgebeeld.

1.4.2 ESTERHUYSE (1986)

Esterhuyse (1986) ondersoek die manier waarop voorgeskrewe lysse binne die apartheidspadigma bepaal word, die polities-ekonomiese faktore wat hierin 'n rol speel

en die implikasies wat dit het vir opvoeding en vir die publikasie van Afrikaanse jeugliteratuur.

Hy wys daarop dat apartheid ons daartoe gebring het om van wit en bruin/gekleurde skrywers te praat, asof die gekleurde 'n ander soort Afrikaans sou skryf. Dit het die Afrikaanse spraakgemeenskap in twee gesny. Hy wys verder daarop dat voorgeskrewe lysie deur 'n "vreemde" groep mense opgestel word, soos skoolinspekteurs, enkele skoolhoofde en onderwysersamptenare, mense wat nie noodwendig literêr geskool is nie. Dit het beteken dat mense sonder enige tersiêre opleiding in Afrikaans inspraak gehad het in watter boeke kinders sal bestudeer.

Esterhuyse voer dan aan dat die besluit of 'n werk voorgeskryf, geïgnoreer of verbied word, op die politieke vlak lê. Dit gaan ook om die eksklusiewe besit van die Afrikaanse letterkunde deur die seksie in die Afrikaanse spraakgemeenskap wat hulself as Afrikaners identifiseer. Hy wys daarop dat literêre werke wat handel oor temas of situasies wat nie aanvaarbaar is vir die politieke stelsel van die Afrikaner se politieke oortuigings nie, nooit oorweeg sal word vir bestudering in skole nie. Hierdie ongewenste temas en situasies sluit in:

- Dat die verkeerde kant van die bevolking politieke ambisie vertoon.
- Waar swart en wit sosiaal op so 'n wyse saam verkeer dat die leser hulle as gelykes in 'n geïntegreerde samelewing ervaar.
- 'n Liefdesverhouding tussen "gekleurde" en wit Afrikaanssprekendes.
- Wit en swart kinders wat saam woon.
- Waar die lotgevalle van mense uitgebeeld word wat deur die politieke stelsel nadelig geaffekteer is, byvoorbeeld die ontwrigting wat deur die groepsgebiedewet veroorsaak word.

Die kriteria wat gevolg word om te bepaal watter werke aanvaarbaar is as voorgeskrewe werke vir skole het ook 'n invloed op die produksie van Afrikaanse jeugliteratuur. Sowel skrywers as uitgewers weet dat net werke wat voldoen aan sekere politieke maatstawwe oorweeg sal word, en op grond van die ekonomiese implikasies wat dit inhou, plaas dit beperkings op wat die skrywer sal skryf en wat vir publikasie aanvaar sal word.

Esterhuyse kom tot die gevolgtrekking dat die posisie van Afrikaans in die toekoms sal afhang van die mate waarin dit van die assosiasie met die apartheidsdoktrine ontslae kan raak. In 'n post-apartheid Suid-Afrika sal Afrikaans nie toegelaat word om 'n draer van seperatistiese denke te wees nie.

1.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word die jeugverhaal gedefinieer as 'n eiesoortige verhaal wat aan die emosionele behoeftes van tieners moet voldoen en wat kenmerke vertoon wat dit onderskei van ander tipes verhale. Die doelwit van die studie word omskryf as 'n ondersoek na die manier waarop rasseverhoudings in Afrikaanse jeugliteratuur uitgebeeld word in die periode 1985-1995, en dit word gedoen vanuit die aanname dat die ingrypende veranderinge wat gedurende hierdie tydperk in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het ten opsigte van sosiale norme rakende ras en velkleur, in verhale vir tienerjariges gereflekteer sal word. Die insigte uit twee bestaande studies oor die hantering van rasseverhoudings in jeugliteratuur, naamlik Töttemeyer (1984) en Esterhuyse (1986) word gerapporteer as agtergrond waarteen daar na jeugverhale in die opvolgende hoofstukke gekyk sal word.

HOOFSTUK 2

LEESVERSLAG

2.1 OORSIG VAN JEUGVERHALE WAT GEPUBLISEER IS VANAF 1985 TOT 1995

Om kommentaar te lewer op die mate waarin daar in die periode 1985 tot 1995 vernuwing was ten opsigte van die manier waarop maatskaplike norme uitgebeeld word in jeugliteratuur, is daar eerstens vasgestel watter jeugverhale in hierdie tydperk gepubliseer is. Hiervoor is die lysie getitel "Nuwe Afrikaanse Boeke" wat in *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer word, geraadpleeg. Hierdie publikasielysie vir Afrikaanse boeke word opgestel deur die Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, Musiek en Toneel (NALN) in Bloemfontein, en bevat 'n onderafdeling oor kinder- en jeugliteratuur. Hieruit is daar 'n lys opgestel van alle jeugverhale wat vanaf 1985 tot 1995 gepubliseer is (Sien Addendum 1).

2.2 OORSIG VAN JEUGVERHALE GELEES

Die dekade onder bespreking was besonder produktief wat betref die publikasie van jeugverhale – volgens die geraadpleegde lysie is daar 213 verhale in hierdie tydperk gepubliseer wat as jeugverhale beskou kan word. Uit die jeugverhale wat in elke jaar gepubliseer is, is 'n verteenwoordigende aantal verhale gekies en gelees (Sien Addendum 2). Hierdie aantal gelese verhale verskil van jaar tot jaar, aangesien die oes van jeugverhale nie ewe groot is vir die verskillende jare nie.

In teoretiese besprekings van jeugverhale word daar gewoonlik verskillende tipes verhale uitgesonder wat as geskikte leesstof vir tieners beskou word. Vervolgens word 'n opsomming gegee van twee bronne se klassifisering van verskillende tipes jeugverhale. Hierdie klassifiserings word dan gebruik as basis vir 'n eie klassifikasiestelsel waarvolgens die jeugverhale wat gelees is, dan ingedeel sal word.

2.3 BESPREKING VAN DIE KENMERKE VAN VERSKILLENDE TIPES JEUGVERHALE

In 'n inligtingstuk getitel "Die leesgewoontes van tienerjariges" opgestel deur ISKEMUS aan die Universiteit van Stellenbosch word daar 'n aantal sielkundige behoeftes van tieners uitgesonder wat deur lees bevredig kan word (sien hoofstuk 1). Op grond van hierdie sielkundige behoeftes van tienerjariges word dan agt klasse van verhale uitgesonder wat as geskikte tienerlektuur beskou word, naamlik verhale met die nuwe realisme as tema, romanses, historiese verhale, gesinsverhale, diereverhale, avontuur- en spanningsverhale, verhale oor sport en humoristiese verhale. Die kenmerke van hierdie verhaaltipes word as volg omskryf:

- Boeke met die nuwe realisme as tema word omskryf as verhale wat handel oor aktuele situasies en kontroversiële vraagstukke soos kindermishandeling en kinderverwaarlosing. Dikwels word aspekte van die moderne samelewing gekritiseer en blootgelê vir die tiener vir 'n moontlike oplossing, of om sy persoonlike etiese en morele oordeel te vorm.
- Romanses voldoen aan die adolescent se ontwakende en snel-ontwikkende behoefte aan vriendskap en liefde. Hulle toets dikwels hul persoonlike vraagstukke en oplossings aan dié van hul geliefkoosde karakters in romantiese verhale.
- Historiese verhale sluit dikwels op gepaste wyse aan by die skoolleerplan en kan 'n verrykende bydrae tot die leerstof vorm. Deur die geskiedenis te leer ken en begryp, plaas die tiener moderne gebeure en handeling in die regte perspektief. Seuns

verkieë byvoorbeeld historiese verhale wat binne 'n bepaalde periode in die geskiedenis afspeel. Dogters verkies historiese verhale met 'n romanties-avontuurlike inslag, hoewel dit nie noodwendig 'n histories korrekte weergawe van die gebeure of tydperk hoef te wees nie. Historiese verhale sluit ook in biografieë en outobiografieë van beroemde of berugte historiese figure, en is 'n bron van spanning, avontuur en romanse vir die tiener.

- In gesinsverhale kan gelees word van die gesin, gesinsverhoudings, liefde en sekuriteit tussen kinders en ouers. Dikwels handel hierdie verhale egter juis oor die probleme in die gesin, en hierdeur word die tiener gehelp om self gesinsprobleme op te los.
- Diereverhale, wat insluit jagverhale en verhale oor wildbewing, word beskou as populêr by tieners van alle ouderdomme en beide geslagte. Die jongmense verkies 'n diereverhaal met 'n sielkundige benadering, ingewikkelde tema en bevredigende karakterontwikkeling. Verhale waarin diere 'n vermensliking ondergaan, en daarby 'n simboliese voorstelling besit, is veral populêr by die tiener.
- Avontuur- en spanningsverhale bied ontvlugting van 'n saai of geroutineerde alledaagse bestaan. Die tieners beleef ongekende avonture, besoek vreemde lande en sy geldingsdrang kom tot uiting in die wedervaringe van sy geliefkoosde helde of heldinne. Tieners verkies speur- en spanningsverhale wat afspeel teen 'n onbekende en eksotiese agtergrond. Jongmense lees ook graag omtrent die avonture en uitvindings van wetenskaplikes.
- Jongmense lees graag vaklektuur oor sport, die lewensverhale van sporthelde en boeke in reekse wat beskryf hoe om 'n spesifieke sportsoort aan te leer of beter te beoefen. Hulle lees ook graag verhale met sportmanne in die hoofrolle.

- **Humoristiese verhale** sluit boeke in waarin satiriese kommentaar en kritiek gelewer word op die samelewing en waar 'n goeie kennis van films, boeke en werêldgebeure vereis word ten einde die humor te verstaan.

'n Ander bron waarin jeugverhale geklassifiseer word, is Nilsen en Donelson (1993).

Hulle onderskei vyf breë klasse literêre werke wat as geskikte jeugliteratuur beskou kan word, naamlik: die nuwe realisme, die romantiek, opwindings- en spanningsverhale, fantasieverhale en verhale met 'n geskiedkundige basis. Hierdie klasse van verhale word op die volgende manier omskryf:

- **Die nuwe realisme.** Hierdie tipe verhaal beeld op 'n realistiese manier probleme uit waarmee die tiener in die alledaagse lewe te doen kry, en kan ook 'n "probleemverhaal" genoem word. Hierdie probleme sluit in: verhouding met die teenoorgestelde geslag, seks, geldelike probleme, probleme met prestasie, en sielkundige probleme wat spruit uit ontwrigtings en sosiale probleme soos vigs, oorlog, dwelms en geweld.
- **Romantiek.** Die woord "romantiek" kom van die Latynse bywoord "romanice" wat beteken "op die romaanse manier", en dit is met dié betekenis dat die woord in tale soos Latyn, Italiaans, Spaans en Frans gebruik word. "Romantiek" as literêre term kom van die gebruik van hierdie woord deur Engelssprekendes om te verwys na Franse dialekte en die verhale wat hulle in hierdie dialekte gelees het. Hierdie verhale het gewoonlik handel oor dapper ridders wat uitgegaan het op avonture waartydens hulle drake gedood het, prinsesse uit verknorsings gered het en die bose vyande van die regverdige koning verslaan het. Liefde was dikwels 'n vername element in die verhaal, want die ridder het altyd probeer om die hand van die beminde meisie te wen. Wanneer daar dus na "die romantiek" of "die romanse" in literêre verband verwys word, word bedoel 'n verhaal wat handel oor liefde of

avontuur, of albei. Romantiese verhale het 'n aantrekkingskrag vir tieners aangesien baie van die romantiese simbole wat daarin voorkom, verband hou met jeugdigheid en hoop en die antagonis selfs in die klassieke en die tradisionele verhale dikwels in hulle tienderjare is. Hierdie karakters is gewoonlik op 'n stadium van hul lewens waarop hulle hul ouerhuis verlaat en 'n nuwe leefwyse betree en hierdie romantiese en dikwels optimistiese soeke na selfstandigheid is iets waarmee die emosionele tiener goed identifiseer. Romanse dien as teenvoeter vir die neerdrukkende werklikheid waarmee die tieners daagliks gekonfronteer word.

- **Opwindings- en spanningsverhale.** By hierdie kategorie sluit Nilsen en Donelson in verhale oor sport, avontuur, misterie en die bowenatuurlike. Hierdie tipe verhale voldoen in die behoefte aan meeewing in opwinding en gevaar. Verhale oor sport het dikwels dieselfde elemente, nl. 'n bespreking van die bepaalde aktiwiteit of spel, met die reëls en verwagtings wat deel is daarvan, die opleiding wat nodig is, die rol van die toeskouers en verwagte belonings en teleurstellings. Avontuurverhale behels gewoonlik 'n kragmeting van persoon teenoor persoon, persoon teenoor natuur, of persoon teenoor self, spanning, opwinding, konflik, en 'n held wat gefrustreer word deur die slinkse skurk. Misteries is so gewild omdat hulle onrealisties is en niks met die werklike lewe te doen het nie.'n Misterie is 'n spel en dis vermaaklik en maklik om te lees. Die misterie behels gewoonlik moord, hoewel ander misdade soos bedrog en verduistering ook 'n rol mag speel. Die misdaad vind 'n paar hoofstukke in 'n boek in plaas, nadat die karakters, met inbegrip van die slagoffer en die mense wat sy dood verlang, aan ons voorgestel is. Hierna verskyn die speurder, die leidrade word deurmekaar gekrap, die ondersoek neem sy loop, die speurder los die probleem op, die skuldige word gestraf, die onskuldige word in ere herstel en die wêreld is weer reg. Verhale oor die bonatuurlike reflekteer die mens

se bygelowe, dikwels soos vervat in mites en legendes. Hierdie soort verhale maak dit ook vir ons moontlik om na die land van die onmoontlike te ontsnap waar enige ding mag gebeur. Hulle is 'n troos, herversekering van ons onsterflikheid. Fantasia, wetenskapsfiksie, legendes en sprokies is naverwant aan mekaar en beantwoord aan die menslike begeerte om te weier om die wêreld te aanvaar soos dit is. Fantasia bevredig ons behoefte aan helde, vir die goeie, vir sukses en ons ewige stryd teen die bose. Die hoofkarakter is gewoonlik 'n heldefiguur wat in 'n soeke na iets as waardig bewys word, alhoewel hulle aan die begin van die verhaal mag sukkel of onseker is van beide hulleself en van die aard van dit wat hulle wil bereik. In die soektog word die held meer volwasse, sodat die jongeling wat die lesers aan die begin van die verhaal leer ken, homself bewys as wys en dapper. As daar 'n stryd tussen die magte van goed en sleg is, sal die stryd uitgerek en die uitslae daarvan onseker wees, maar uiteindelik sal die goeie seëvier al is hierdie oorwinning gewoonlik van korte duur. Wetenskapsfiksie is die genre gebaseer op die werklike wêreld met al sy vasgestelde feite en natuurlike wette. Dit is 'n geloofwaardige verhaal en is gewoonlik 'n baie fyn beredeneerde beskouing oor die moontlikhede van die feitlike wêreld. Wetenskapsfiksie moet aan natuurwette gehoorsaam. 'n Verhaal kan gebruik maak van andersoortige wette, maar daardie wette moet wetenskaplik duidelik en konsekwent wees.

- **Historiese fiksie:** Historiese romans is gewoonlik verhale wat histories noukeurig en geskik is vir tyd en plek. Dit moet simbole, taboes, kos, klere, beroepe, ontspanningsaktiwiteite, godsdiens, letterkunde en gewoontes van die bepaalde periode herkenbaar voorstel, want al hierdie dinge maak een tyd en een plek uniek, en onderskei dit van 'n ander. Historiese romans moet 'n sin van geskiedkundige oorgange gee, 'n gevoel van die vloei van die geskiedenis van een tydperk na 'n

ander een. Boeke oor oorlog, wat 'n voorstelling is van 'n worsteling om te oorleef, is nie 'n avontuur wat mense óf vir hulleself óf vir hulle kinders sal kies nie, maar so baie mense word so dikwels gedwing in hierdie verskriklike toestande dat boeke oor oorlog gereken kan word onder die mees treffende tipes verhale. Ons is voortdurend gepreokkupeerd met oorlog, want dit is inherent skrikaanjaend en boos, maar onafwendbaar. Jong mense is pynlik bewus van die nabyheid van oorlog alhoewel hulle min van die werklikhede van oorloë uit die verlede weet. Biografieë handel oor heroïese figure wie se lewens navolgenswaardig is. Dit gee 'n uitbeelding van die uniekheid en egtheid van een persoon se lewe en verteenwoordig terselfertyd die emosies en probleme waarmee alle mense worstel. Hoewel die mens oor wie die biografie handel, nie geïdealiseer moet word nie, behoort die biograaf hom met simpatie, begrip en oortuiging uit te beeld sodat die leser met hom kan identifiseer. In outobiografieë vertel 'n bepaalde persoon sy eie lewensverhaal of van 'n spesifieke ervaring. Dit handel dikwels oor traumatiese ervarings soos siekte en dood, maar kan ook fokus op meer positiewe ervarings soos avonture, suksesse en ander ervarings wat vir die skrywer so besonder was dat hulle dit met ander mense wil deel.

2.3 KLASIFISERING VAN GELESE JEUGVERHALE

Die twee klassifikasiesistelsels wat hierbo uiteengesit is, kom in sekere opsigte ooreen en verskil in sekere opsigte van mekaar. Met hierdie twee stelsels in gedagte, en op grond van die verhale wat gelees is, is op die onderstaande klassifiseringstelsel besluit vir die jeugverhale wat gelees is:

- Die nuwe realisme
- Avontuur- en spanningsverhale
- Romantiek

- Sport
- Historiese verhale
- Diereverhale
- Fantasie

Hieronder volg 'n lys van die jeugverhale wat gelees is, met 'n aanduiding van die tipe waartoe die verhaal behoort:

TITEL VAN VERHAAL

TIPE VERHAAL

1985

Avontuur in die Cederberg	Avontuurverhaal
Die aand van Johnnie X	Nuwe realisme
Die haasvanger	Nuwe realisme
Die sakmense	Nuwe realisme
Die soektog	Romantiek
Donkerboskind	Nuwe realisme
Ek is Gideon	Nuwe realisme
Floris Sapiens	Nuwe realisme
Gezina en die bruin wind	Nuwe realisme
Karel Kousop	Nuwe realisme
Kinders van Kierangsee	Nuwe realisme
Noem my zol	Nuwe realisme
Rekordtyd. 1:29,2	Sportverhaal

1986

Die ysterpad see toe

Historiese verhaal

My kat word herfs

Nuwe realisme

Slapende honde miaau nie

Nuwe realisme

Vir meneer

Sportverhaal

1987

Die inkvoël

Nuwe realisme

Keel van 'n reënduif

Romantiek

Nagbrug

Avontuurverhaal

Rekords is vir wenners

Sportverhaal

Rooi somer

Romantiek

1988

Die inbraak

Spanningsverhaal

Die nag van die wolf

Avontuurverhaal

Die pad na die see

Romantiek

Nagboek

Romantiek

Voetpad na vergelegen

Nuwe realisme

1989

Die avonture van die ridders

Avontuurverhaal

Die vlugteling André de la Fontaine

Historiese verhaal

Dwergplaneet

Fantasie (Science Fiction)

Francois en die fietsdiewe

Spanningsverhaal

Ontdekkings

Romantiek

Operasie bom

Spanningsverhaal

Son op die water	Nuwe realisme
Trekspoor in die wildernis	Historiese verhaal
Vyfff	Avontuurverhaal
Wotan SQ7	Fantasie (Science Fiction)
1990	
Die steenkoolster	Nuwe realisme
Droomwa	Nuwe realisme
Kierang en Kroon	Historiese verhaal
Môre was dit somer	Romantiek
Plek van dolfyne	Nuwe realisme
Wie se hart kan dit dan hou?	Nuwe realisme
1991	
Die blou meermin	Romantiek
Die kind van die son	Nuwe realisme
Die ou fort	Avontuurverhaal
Duine van die dood	Avontuurverhaal
Eendag was daar 'n oorlog	Nuwe realisme
Eenkantkind	Nuwe realisme
Elk vir mekander	Nuwe realisme
Sokkerkroon	Sportverhaal
1992	
Die geheim van die skedel	Avontuurverhaal
Kort voor cul-de-sac	Nuwe realisme
Nie vir seuns nie	Nuwe realisme
Vlerkdans	Nuwe realisme

Die vergete vallei	Avontuurverhaal
Drie lemoene en 'n dui	Diereverhaal
1993	
Agon en die donker planeet	Fantasie (Science Fiction)
Die duiwe van Botala	Diereverhaal
Die elfde hekkie	Sportverhaal
Die onheilsdeur	Nuwe realisme
Tsau word 'n man	Nuwe realisme
1994	
Die koperperd	Nuwe realisme
Wiele	Nuwe realisme
Sterling	Romantiek
Rebel	Nuwe realisme
Anderkantland	Fantasie
Streng privaat	Nuwe realisme
Die optog van die aftjoppers	Nuwe realisme
1995	
Bakgat, en wat dan van my?	Nuwe realisme
'n Roofvoël uit die ooste	Nuwe realisme
'n Reënboog oor Grootbaai	Nuwe realisme
Die nuwe woud	Nuwe realisme
Terug na Grootgeluk	Nuwe realisme
Niemand mag weet nie	Nuwe realisme
Die geheim van Groukatlaagte	Fantasie (Spookstorie)

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word gekyk na die verskillende tipes verhale wat as geskikte jeugliteratuur beskou kan word. Die jeugverhale wat gelees is, word geklassifiseer aan die hand van 'n klassifiseringstelsel wat 'n sintese verteenwoordig van die kategorieë wat onderskei word deur Nilsen en Donelson (1993) en Iskemus (s.j.). Daar is gevind dat die meeste van hierdie verhale as "Nuwe realisme" gesien kan word, dus verhale wat handel oor aktuele situasies en probleme waarmee die hedendaagse tieners te doen kry.

HOOFSTUK 3

BESPREKING VAN SPESIFIEKE JEUGVERHALE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word drie verhale bespreek wat vroeg in die periode 1985-1995 gepubliseer is, en waarin die verhouding tussen verskillende rasse ter sprake kom. Hierdie verhale is *Karel Kousop* deur Dolf van Niekerk en *Die sakmense* deur Maretha Maartens wat in 1985 gepubliseer is, en *Droomwa* deur Barry Hough wat in 1990 gepubliseer is. Daar word ondersoek ingestel na die manier waarop rasseverhoudinge in hierdie verhale uitgebeeld word.

3.2 KAREL KOUSOP – DOLF VAN NIEKERK

Hierdie verhaal speel af gedurende die Tweede Wêreldoorlog. In Suid-Afrika is hierdie periode gekenmerk deur teenstand teen die regering, deur politieke verskille en deur polisie-ondervragings en -vervolgings. Die politieke verdeeldheid gedurende hierdie tydperk word bespreek deur Kruger (1977:542-552) en Muller (1977:424-430). Gedurende hierdie periode is daar twee bewegings onder die Afrikaners gebore. Die eerste was die Reddingsdaadbond (R.D.B.), 'n beweging ten gunste van die ekonomiese rehabilitering van die armer Afrikaners. Die tweede beweging was die Ossewabrandwag (die O.B.) wat die ideale van die Groot Trek lewend wou hou en verder die Afrikaanse kultuurbeweging wou stimuleer. Aanvanklik het die O.B. minder aandag as die R.D.B. getrek, maar dit was bestem om 'n aansienlike rol in die politiek te speel.

Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, wou Hertzog, die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, nie aan die oorlog deelneem nie. Sy neutraliteitsmosie is egter in die Volksraad

verslaan deur Smuts se voorstel dat die Unie nie neutraal sou bly nie, sy eie gebied sou beskerm maar geen magte oorsee sou stuur nie. Hertzog wou 'n algemene verkiesing laat uitskryf, maar die Goewerneur-Generaal, sir Patrick Duncan, het geoordeel dat die stemming in die Volksraad bewys het dat Smuts 'n voldoende aanhang het om 'n regering te vorm. Smuts is daarom gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel, en op 6 September 1939 is 'n staat van oorlog afgekondig. Hierdie besluit het 'n bittere politieke stryd veroorsaak, soos gedemonstreer deur die massa-demonstrasie van tienduisende anti-oorlogsgesindes drie dae later in Pretoria.

Die eerste stappe wat die regering geneem het, was om noodmaatreëls af te kondig. Dit het die teenstanders met groot misnoeë vervul. Een van die dinge wat groot konflik en verdeeldheid veroorsaak het, was die feit dat Smuts van vrywilligers afhanklik was vir oorlogvoering buite die landsgrense. Hierdie vrywilligers het 'n attestasie onderteken en het 'n rooi lus op elke skouer gedra. Dit het hulle die teiken gemaak van die aggressie van die mense wat teen die oorlog gekant was, terwyl die soldate wat nie die attestasie wou onderteken nie, as anti-oorlogsgesind gebrandmerk is. Nadat Suid-Afrika tot die stryd toegetree het in Oos- en Noord-Afrika en Smuts die oorlogsmatreëls moes verskerp, het dit die verdeeldheid tussen die twee opponerende groepe verder vergroot. Onder die nie-regeringsgesindes het 'n anti-Joodse gevoel en 'n Nasionaal-sosialistiese ideologie posgevat, die begeerte na 'n suiwer Afrikaner-Republiek het sterk toegeneem en hulle het geen geheim daarvan gemaak dat hulle op 'n Duitse oorwinning gehoop het nie.

Veral na Hertzog se uitrede uit die politiek in 1940 het die O.B. nog sterker op die voorgrond begin tree. Baie mense wat geloof in die partypolitiek verloor het, en gehoop het om in die O.B. 'n bo-politieke volkseenheid te verwesenlik, het by die beweging aangesluit. Die O.B. met sy semi-militêre organisasie was sterk teen die Unie se deelname aan die oorlog gekant, het nou aktief aan die politiek begin deelneem en daar het botsings

tussen sy lede en die soldate plaasgevind. Veral toe die oorlog vir die Geallieerdes in die vroeë veertigerjare baie ongunstig verloop het, het die voorstanders van die oorlog hulle teenstanders as “Nazi’s” of “Malanazi’s” gebrandmerk en allerlei verwyte toegeslinger, mense het mekaar as verraaiers gebrandmerk en die verbittering het byna geen grense geken nie. Die meer ekstremistiese elemente, die stormjaers, wat nie in bedwang gehou kon word nie, het oorgegaan tot sabotasie en verraad, of heroïese dade van verset teen die regering se oorlogspoging, en dit het daartoe gelei dat hierdie mense in interneringskampe en tronke beland het.

Karel Kousop speel af gedurende hierdie tyd van botsing, onsekerheid en verandering. Die eerstepersoonsverteller is Gerrit, ‘n jong seun, wat vanuit sy kinderperspektief sy belewing van hierdie tydperk verwoord. Soos die titel van die verhaal aandui, fokus Gerrit se vertelling op sy kennismaking met die Boesmanseun, Karel Kousop, wat deur sy ma op Gerrit se pa se plaas ingeboek word vir werk. Meyer (1988) sê die volgende oor die verhaal:

Dolf van Niekerk slaag in *Karel Kousop* uitmuntend daarin om besondere vriendskapsbande tussen twee seuns met verskillende kultuuragtergronde te illustreer. (...) Daar word uitgebeeld hoe hulle mekaar se leed deel, saam swem en in dieselfde kamer slaap.

Dit gaan egter in hierdie verhaal oor heelwat meer as net die illustrasie van “vriendskapsbande tussen twee seuns van verskillende kultuuragtergronde”. In ‘n kort kommentaar op jeugliteratuur (sien Van Niekerk (1992)) omskryf Dolf van Niekerk sy drie jeugverhale (*Skrik kom huis toe*, *Karel Kousop* en *Die Haasvanger*) as volg:

In dië jeugverhale word die uithuisigheidbeleving, die alleenheid en soeke na liefde en ‘n plek in die wêreld - hier die grootmensewêreld - in ‘n ander Umwelt, die kosmos van die jongmens, teruggevind.

Hierdie uitspraak van die skrywer is ook geldig vir *Karel Kousop*, want waarom dit in Gerrit se vertelling gaan, is sy poging om sin te maak van 'n wêreld wat deur grootmense beheer word, wat hy nie verstaan nie en waarin niks permanent of veilig is nie. Die oorlogstyd waarbinne die verhaal afspeel en die verandering, konflik en spanning wat daarmee saamhang, intensiveer die kind se belewing van hierdie tyd as 'n krisistyd in sy lewe. Hy is bewus van sy pa se betrokkenheid by die ondergrondse teenstand teen die regering en die gevaar wat dit inhou en, sonder dat hy die kompleksheid van die politieke situasie kan verstaan, deel hy in die vryn en die bitterheid teen die regering se deelname aan die oorlog en teen die Engelse. Wanneer sy pa deur die polisie weggeneem word vir ondervraging (p. 13) is hy so angstig dat hy nie kan eet of slaap nie, nie in die skool kan konsentreer nie en die hele tyd bewus bly van die blou lig van die polisie wat vir hom die teken word van die gevaar waarin sy pa verkeer. Vergelyk die kind se gewaarwordings op p.13:

Die hele dag in die skool kry ek koud. My blaaië is seer soos wanneer 'n mens griep kry. Ek kry meer raas as gewoonlik, omdat ek vergeet om op te let. Ek bly weg van Jan Smuts se ondersteuners af. Niemand vra iets oor my pa nie. My lyf word al seerder. Ek kan ook nie van die blou lig ontslae raak nie, en daar is vreemde mense met uniforms aan wat heen en weer onder die blou lig verbyloop.

Selfs toe ek huis toe hardloop nadat die klok gelui het, wil die lig my nie los nie.

Gerrit voel dat sy ma se veiligheid nou sy verantwoordelikheid is (p. 13,14) en dat hy sy pa se plek behoort vol te staan om 'n inkomste vir die familie te probeer verkry (p. 14). Gerrit beskryf die tydperk waarvan hy vertel as "dié vreemde dae van die oorlog" (p. 23) en hy beseft dat die oorlog alles vir altyd verander het (vergeelyk pp. 24, 26, 60). Dit het sy pa se kleremakery verwoes, sodat hulle in 'n benarde finansiële posisie verkeer en sy pa nou soos 'n bedelaar voel (p. 61-62). Dit het verder vroeëre verhoudinge verander, sodat die

polisiesersant wat Gerrit as sy pa se vriend sien, hom nou moet kom arresteer, sodat soldate wat op pad is na die oorlog deur Gerrit geëtiketteer word as “Jan Smuts se rooilussies”(p. 8) en ondersteuners van die regering ondervra, in interneringskampe geplaas word en deur regeringsondersteuners as verraiers en saboteurs uitgekryt word (p. 56).

Dit is gedurende hierdie krisistyd in sy lewe dat Karel vir ‘n kort rukkie deel is van Gerrit se lewe. Die feit dat hulle uit verskillende wêrelde kom en aan verskillende kultuuragtergronde behoort, verhoed nie die seuns om soos enige twee ander seuns kragte te meet, saam te werk, te speel, en ook by mekaar se hartseer en vreugdes betrokke te raak nie. Dit is vir albei seuns ‘n tyd waarin hulle probeer om getrou te bly aan die lojaliteite wat volgens hulle eie oordeel deur hulle geliefdes en hul agtergronde van hulle gevra word. Hierdie lojaliteite van die seuns word veral getoets ten opsigte van hul pa’s. Beide die seuns se pa’s rebelleer teen die bestaande orde en beide die seuns probeer blindelings daaraan glo dat hulle pa’s geregverdig is in hul optrede.

Gerrit verstaan nie waarom Karel op sekere maniere optree nie, omdat hy nie Karel se agtergrond verstaan nie. Omdat daar ‘n vriendskapsband tussen die seuns ontstaan, wil Gerrit graag sy maat se innerlike gewaarwordinge probeer peil, maar dikwels sluit Karel homself af deur sy pet oor sy oë te trek, hom in ‘n hoek terug te trek, weg te stap of heeltemal te verdwyn. Dit is ook nie vir Karel maklik om te praat nie, sodat Gerrit dikwels sy emosies moet probeer peil op grond van dit wat uiterlik waargeneem kan word. Mettertyd gee Karel tog wel meer oor homself te kenne, veral wanneer hy telkens in ‘n nuwe krisis gedompel word deur sy pa se optrede. Gerrit leer dat Karel se pa “weggehardloop” het oorlog toe nadat ‘n ander man “doodgegaan” het omdat hierdie man, volgens Karel se pa “van Dekôi se mense en van Danser se mense” is en dat hulle moet “doodgaan” (p. 15). Wanneer Karel verdwyn en weer opgespoor word, word dit duidelik

dat Karel se pa ook nou uit die oorlog “weggekoop” het. Gerrit hoor ook iets van Karel se geskiedenis: dat sy pa se oupa die mense van Danser en Dekôï doodgemaak het omdat hulle sy grond aan die witmense verkoop het en dat hy daarna eers die witmense se besittings gevat het, en toe hulle nie wou hoor nie, ook vir hulle doodgemaak het. Karel bly lojaal aan sy pa en vind regverdiging vir sy pa se optrede in die geskiedenis, vergelyk byvoorbeeld sy woorde aan Gerrit op p. 54:

My pa is ook nie bang nie. Oupa Kousop was nie bang nie. Dis Danser en Dekôï se skuld, want my pa sê hy’s ‘n Kousop en hulle het Gy-Garip gesteel en dis hoekom my pa nie ‘n groot kaptein is nie.

Wanneer daar dan iemand aan ‘n messtekery doodgaan, die moordenaar uiteindelik Karel se pa blyk te wees, en Karel vir oulaas uit Gerrit se lewe verdwyn, kom hy uiteindelik tot die volgende insig oor die Boesmanseun:

Ek vat die melkemmer en loop stal toe. Die lang spantou hang weer op sy plek. Dit lyk vir my of die spantou met my wil praat. Die spantou wil vir my iets sê van Karel se pa wat nie ‘n kaptein van die Gy-Garip geword het nie. Van oupa Kousop wat nie ‘n kaptein van die Gy-Garip geword het nie. Van oupa Kousop wat met pyl en boog geveg het en nog baie ander dinge wat ek nie verstaan nie.

Ek hou die spantou in my hande om vir Bontrok te span. Karel se pa lê meteens met die lang spantou om hom voor my op die stal se vloer. En hy lyk net soos Karel. Hy wil iets vir my sê, maar hy kan nie. En skielik weet ek wat hy wil sê: dat Twagoep se leeu hom kom vat het oor Gy-Garip. En dat Karel Lokshoek toe is om die boodskap oor te dra.

Die spantou waarvan Gerrit praat, is die tou waarmee sy pa Karel se pa vasgebind het toe hy in hegtenis geneem is. Hierdie spantou word die simbool van die geestelike

gevangeneskap waarin Karel en sy pa hulle bevind, naamlik dat hulle probeer leef volgens die reëls van die verlede wat hulle onherroeplik verloor het en desperaat probeer veg teen 'n nuwe bestel wat hulle nie wil verstaan of aanvaar nie. En uiteindelik moet Gerrit ook toegee dat hy nie alles omtrent sy maat kan verstaan nie. Dit gaan dus uiteindelik in die verhaal oor ons onvoldoende poging om ons medemens en die wêreld waarin ons leef te verstaan, soos deur Dolf van Niekerk self gedefinieer as die essensie waarom dit in die letterkunde gaan (vergelyk Van Niekerk (1992)):

Om iets van die wonder van die oneindige verskeidenheid lewe – van wat ons begryp en nie begryp nie; weet en nie weet nie; wat heelmaak én breek, wat goed is én boos; wat ons sien en net van droom - raak te gryp en eenvoudig, reguit mee te deel?

3.3 DIE SAKMENSE – MARETHA MAARTENS

Hierdie verhaal handel oor die twee meisies, Thea en Miriam, wat elkeen op haar eie manier 'n "sakmens" is, en moet leer om die "sak" waarmee sy saamleef, te oorwin. Miriam Tsosane is 'n swart karakter in die verhaal en Thea is 'n blanke meisie, sodat daar dus twee hoofkarakters in die verhaal is wat aan verskillende rassegroepe behoort. Daar moet in die verhaal nagegaan word hoe hierdie twee karakters voorgestel word en wat die verhouding tussen hulle is.

Thea, 'n dertienjarige dogter is sonder 'n linkernier gebore en haar regternier het nooit ontwikkel nie. Nadat sy op sewejarige ouderdom as gevolg van hierdie toestand in 'n koma beland het, het Thea se ma 'n nier geskenk met behulp waarvan sy normaal kon leef solank as wat sy die nodige medisyne drink. By die aanvang van die verhaal is dit egter duidelik dat iets skeef geloop het, want Thea kom sopas uit die hospitaal waar sy 'n operasie ondergaan het, en sy is nou afhanklik van 'n dialisesak waarin die gifstowwe wat

deur haar liggaam uitgeskei word, opgevang moet word. Thea verduidelik aan Miriam hoe die sak werk, vergelyk pp. 27/28:

Kyk ... hier's daardie sak nog. Dit hang nou net opgerol en leeg in hierdie lapsak. Elke ses uur van my lewe moet ek dit uithaal en op die vloer laat lê. Dan draai ek hierdie kraantjie oop en die vog wat in my buikholte is, loop uit. Dis vol gifstowwe. ... die sak doen nou die werk van my niere.

Thea kan nooit weer sonder die sak leef nie, en wanneer sy uit die hospitaal kom, moet sy leer om te aanvaar dat sy vir altyd 'n sakkens sal wees, en sy moet ook leer hoe om met die sak saam te leef. Die feit dat sy anders behandel moet word as normale mense veroorsaak spanning tussen haar en haar familie, soos wanneer sy vergeet om die kraantjie van die sak toe te draai en haar ma ontsteld is oor die gemors wat dit veroorsaak en ook wanneer sy kwaad raak as haar suster, Hanli, spot met die sakkie wat sy moet ronddra. Thea se familie is egter ondersteunend en bly om haar by die huis te hê. Ook haar vriend, Francois, het vir haar 'n beterskapskaartjie gestuur. Wanneer Thea hoor van die kaartjie wat Francois gestuur het, blyk dit dat daar iets tussen hulle gebeur het wat Thea geheim hou, want sy dink benoud "As Francois tog net nie allerhande dinge uitgelap het nie." (p. 4), en wanneer sy uitvind dat hy niks oor haar siekte gesê het nie, dink sy: "Dan weet niemand nie. Dan hoef niemand ooit te weet nie." (p. 5). Dit is nie op hierdie stadium duidelik wat Thea se geheim is nie, maar daar kan afgelei word dat dit verband hou met die feit dat sy die gebruik van die nier wat haar ma aan haar geskenk het, verloor het, en ook dat dit verband hou met Francois. Daar is ook groot onenigheid tussen Thea se ma en haar oupa, want haar ma glo dat die karavaanvakansie waarop haar oupa aangedring, veroorsaak het dat die nier nie meer werk nie.

Miriam Tsosane is 'n swart dogter van ongeveer dieselfde ouderdom as Thea wat gedwing is om die skool te verlaat en nou werk soek sodat sy kan help om haar familie te

onderhou. Haar pa is 'n swakkeling wat nie in staat is om 'n vaste werk te behou nie, en die familie se enigste inkomste is uit die vrugte en vis wat haar ma onder 'n skuiling van ysterpaaltjies en vullissakke agter die landdroskantoor verkoop. Miriam word deur Thea se ma in diens geneem aangesien hulle vorige huishulp weggegaan het en sy boonop iemand nodig het om bedags by Thea te bly. Miriam gee voor dat sy een-en-twintig jaar oud is, en dat sy alreeds vir vier jaar as huishulp gewerk het. Een van die voorwaardes waaronder Miriam in diens geneem word, is dat sy op haar gemak moet wees met die siek kind en vertrou kan word met haar versorging, vergelyk p. 7:

“Hier moet eenvoudig weer iemand in die huis wees,” sê die vrou. Ek wil hê jy moet die siek kind sien. As jy skrik, kan ek jou nie in diens neem nie. Dit is vir my belangrik dat die nuwe een wat hier kom werk, my nie in die steek sal laat nie, ...”

Hierdie klem wat gelê word op betroubaarheid, is vir Miriam 'n groot bron van wroeging, aangesien sy reeds leuens moes vertel uit desperaatheid om die werk te kry. Miriam verstaan nie presies wat met Thea verkeerd is nie, maar tree tog op so 'n manier teenoor haar op dat sy in diens geneem word.

Die fokus van hierdie verhaal is die wyse waarop die twee kinders mekaar se probleme leer ken, en mekaar bystaan in hulle pogings om hierdie probleme te oorkom. Daar word ongeveer ewe veel tyd aan die twee karakters afgestaan, beide dogters word met begrip geteken, en hoewel dit duidelik is dat Miriam swart is, en dat sy uit 'n baie arm huis kom, word haar probleme en die manier waarop sy dit hanteer nie op 'n rassisties bevooroordeelde manier uitgebeeld nie.

Miriam word uitgebeeld as 'n trotse persoon wat haar bes doen om bo haar omstandighede uit te styg. Dis byvoorbeeld uit die gesprek tussen haar en haar vriendin, Duduzile, duidelik dat sy baie goed op skool gevaar het (p. 16), en dat dit vir haar baie

moeilik is om te aanvaar dat sy nie verder kan leer nie, vergelyk byvoorbeeld haar opstandige gedagtes op p. 17:

Daar is 'n bitter ding in haar bors; sy proe sy smaak in haar mond. Vir jou sal daar altyd geluk wees, Duduzile, dink sy, maar sy is nie vir Duduzile self kwaad nie; dis 'n ander soort woede. Dis soos ou sop, dink sy. Ek proe 'n ou, suur-bitter smaak; ek is kwaad omdat Duduzile, wat niks van *Biologie en die Rekeningkunde* verstaan nie, op skool kan sit. Ek is kwaad omdat ek, wat so baiekeer agtergebly het om meer uit te vind, by mense werk ...

Ten spyte van hierdie opstandigheid, is sy egter bereid om haar eie ideale opsy te stel ten einde haar familie te help. Sy kry veral haar ma jammer en wil graag help om die lewe vir haar makliker te maak. Sy beloof byvoorbeeld om vir haar nuwe skoene te koop met haar eerste salaris, en wanneer die vroue op die bus van haar ma sê "daardie soort raak aan alles gewoond. Ons noem hulle sommer die saktense" (p. 23), is sy vernederd en woedend, maar bly lojaal teenoor haar ma en neem haarself opnuut voor om te ontsnap aan haar haglike omstandighede, vergelyk p. 23:

Julle praat nie so van Mama Sara nie! ... Sy is 'n beter mens as albei van julle. Sy sorg vir ons, sy werk haarself dun vir ons. (...) Hoe kom 'n mens onder die sakke uit? wonder sy en dit voel asof sy tussen die baie liggame wat haar vasdruk, kan uitbreek. Sy byt op haar tande en kyk na die droogtelandskap buite. Ek gaan nie vir altyd 'n saktens wees nie, dink sy. Mama Sara ook nie. Ons moet onder die sakke uitkom.

Die enigste uitweg wat Miriam het om vir haar familie geld te verdien, is die werk as huishulp wat sy met behulp van leuens verkry het, en sy loop gevaar om hierdie werk te verloor, want sy is heeltemal onervare in die hantering van 'n huishouding. Die krisis

waarin sy beland, is egter ook die stimulus vir die ontstaan van vriendskap tussen haar en Thea. Wanneer Thea agterkom hoe onbeholpe Miriam met die huiswerk is en teenwoordig is wanneer krisis ontstaan, ontferm sy haar oor Miriam, en die feit dat hulle saam hierdie verknorsings beleef, veroorsaak dat hulle mekaar leer vertrou en dat daar 'n kameraadskap tussen hulle ontstaan.

Die begrip wat tussen die twee meisies ontstaan, hou ook verband met die feit dat elkeen 'n skynbaar onoorkomelike probleem het en dat hierdie probleem ook vir albei vererger word deur die feit dat hulle op 'n immorele manier opgetree het. Wanneer Miriam se huislike omstandighede so versleg dat hulle nie meer kos het om te eet nie, steel sy blikkieskos in die spens van die huis waar sy werk. Haar sin vir wat reg is, veroorsaak egter dat sy nie met haar gewete kan saamleef nie, en dat sy by Thea se ma gaan bieg. Hierdie morele oorwinning help ook om haar probleme op te los, want nadat sy oor die blikkieskos die waarheid vertel het, kan sy ook die ander leuens regstel, en is Thea se ouers bereid om haar te help om terug te gaan skool toe en haar ma in diens te neem. Selfs in hierdie omstandighede behou sy ook haar trots, want sy is nie bereid hierdie hulp verniet te aanvaar nie (vergelyk pp. 81-82). In sy reaksie op die standpunt wat Miriam inneem, beklemtoon Thea se pa dan dat sy hierdie hulp verdien het deur goeie karaktertrekke en haar bereidwilligheid om hard te werk, vergelyk p. 81-82:

“Ek géé dit ook nie verniet nie,” sê Thea se pa bedaard. “Jy het dit verdien, Miriam, deur geduld en bystand ten opsigte van Thea, deur eerlikheid, en deur die ure wat jy nog gedurende die vakansies wat kom, by Thea gaan deurbring.”

Ook van Thea verg dit morele krag om uiteindelik met die geheim waarmee sy saamleef, uit te kom. Sy besef dat sy nie langer die skuld las vir haar verswakte gesondheidstoestand op haar oupa kan laat rus nie, en moet erken dat sy eers as gevolg van ydelheid opgehou het om haar medikasie te neem en daarna nie bereid was om dit te erken nie. Wanneer sy

hierdie oorwinning oor haarself behaal het, het sy groter geestelike krag om haar toestand te aanvaar en daarmee saam te leef. Dit is ook belangrik dat dit Miriam se bystand en geesteskrag was wat vir Thea gehelp het om tot aanvaarding van haar probleem te kom deurdat sy haar bygestaan het en in haar geglo het toe sy dit nodig gehad het. Miriam het haar naamlik gehelp om te bewys dat sy weer 'n normale aktiwiteit soos swem kan beoefen (vergeelyk pp. 65-70). Miriam wys ook vir Thea daarop dat elkeen iets het wat hy of sy moet beveg en probeer oorwin.

Die klem in hierdie verhaal is dus op morele krag, en die meisies word as gelykes geteken in hulle stryd om hierin te oorwin.

3.4 DROOMWA DEUR BARRIE HOUGH

Hierdie verhaal speel af in Johannesburg in die vroeë sestigerjare, en die hoofkarakter is die seun, Paul van Zyl, wat in standerd vyf is (p. 2) en wie se lewe ingrypend verander nadat sy pa onverwags doodgaan. Die verhaal begin met die volgende woorde: "My helderste herinnering aan Pa is daardie laaste oggend saam met hom - die dag voor die aar in sy kop gebars het." (p. 1). Paul noem dan 'n hele reeks dinge op wat hy van sy pa onthou, maar sê dat dit "daardie laaste Saterdagoggend" is wat hy altyd sal onthou. Die verteller is dus 'n volwasse Paul wat uit 'n agternaperspektief vertel. Wanneer die verhaal, na die inleidende gedeelte, teruggaan na die verlede, word daar vertel van Paul se laaste oggend saam met sy pa, hoe sy pa net hierna siek geword en doodgegaan het aan 'n gebarste aar in sy kop en van die krisis wat dit vir die hele gesin, maar veral vir Paul veroorsaak. Wanneer Paul se pa doodgaan, is die seun op 'n stadium in sy lewe wanneer hy nog nie op sy eie bene kan staan nie, baie sterk met sy pa identifiseer en 'n vadersfiguur nodig het om hom te help ontwikkel tot selfstandigheid. In hierdie proses speel die swart skoonmaker, Joseph, 'n belangrike rol, en dit is nodig om te kyk na die verhouding tussen Paul en Joseph waardeur daar belangrike kommentaar gelewer word op rasseverhoudinge.

Die dood van Paul se pa het ingrypende finansiële implikasies vir die hele gesin, onder andere dat hulle nie kan bekostig om in hulle huis in Aucklandpark aan te bly nie, maar na 'n woonstel in Hillbrow moet trek en dat sy ma moet gaan werk om vir hulle te sorg. Paul se ma kom ook onder druk om die spesiale motor wat sy pa as taxi gebruik het, te verkoop. Hierdie motor, 'n 1948 Buick Special, die "droomwa" waarvan daar in die titel van die verhaal gepraat word, is vir Paul sinoniem met sy pa. Sy pa het altyd gespog dat ander ouens net oor so 'n motor droom, terwyl hy een kan ry (p. 2), hy het hierdie motor met groot sorg opgepas, soos blyk uit sy ontsteltenis wanneer sy passasiers daarin gerook het (p. 4), en hy sê ook daar is drie dinge wat 'n man nooit uitleen nie, naamlik "Jou geweer, jou kar, en jou vrou," (p. 7). Na haar man se dood besluit Paul se ma om nie die motor te verkoop nie, omdat sy sê "Die motor was Hannes se trots." (p. 20) en ook wanneer hulle na die woonstel moet trek, behou sy die motor. Paul word gehelp met die aanvaarding van sy pa se dood en van sy eie selfstandigheid deur 'n droom en ook deur Joseph wat vir hom 'n vaderfiguur word. In sowel die droom as die verhouding tussen Paul en Joseph speel die Buick 'n belangrike rol.

Wanneer die gesin na die woonstel moet trek, word die motor in die woonstelgebou se parkeerplek gehou, en as Paul eendag, terwyl sy ma by die werk is in die Buick gaan sit omdat dit hom nader aan sy pa laat voel, sien hy 'n gesig deur die voorruit van die motor na hom staar wat vir hom bekend lyk, maar wat hy nie kan plaas nie. Wanneer die man oor die motor se enjinkap streef, voel Paul lus om vir hom te skreeu om sy pa se motor uit te los maar hy voel ook "... iets in die gesig keer my. Dit sou ongeskik wees." (p. 35). Wanneer die man wegdraai om te loop, sien Paul dat hy 'n skoonmaker se uniform aanhet, en hy kan nie van hom vergeet nie. Hy soek in Cilliers, sy broer, se foto-album tussen die verbleikte foto's van sy voorgeslagte totdat hy die foto van sy Oupa van Zyl kry, met die groot snor met die opwaarts gedraaide punte, en dink dan: "Dit is presies dieselfde snor

wat ek vroeër deur die Buick se voorruit gesien het. Die skoonmaker het my oupa Van Zyl se snor.” (p. 36). Die volgende oggend kom hierdie skoonmaker vir Paul se ma vir toestemming vra om die Buick sonder betaling skoon te maak, want hy sê “ek het hom by my drome gesien” (p. 37). Paul hoor dat die man se naam Joseph is en dat hy die “boss boy” van die skoonmakers is.

Wanneer Paul een middag van die skool af kom en nie sy hondjie, Lappies, in die woonstel kan kry nie, kom hy op Joseph af in die kelderverdieping van die woonstelgebou, en nadat Joseph uitgevind het dat ‘n skoonmaker wat nie van die hondjie geweet het nie, die woonstel se deur oopgelos het, help hy vir Paul om na die hondjie te soek. Dis Joseph wat die beseerde hondjie kry, hom na die veearts toe dra en die tien rand betaal sodat die hondjie daar kan bly om behandeling te kry. Paul gaan saam met Joseph na sy kamer waar hy wag om met die skoonmaker te praat wat die deur oopgelos het. Hy kyk na foto’s wat op die laaikassie langs Joseph se bed staan, en wanneer hy verbaas sê dat die troufoto nes dié van sy oupa lyk, antwoord die skoonmaker dat dit nie net die witmense is wat deftig trou nie, en as Paul verbaas is omdat hy vertel van sy pa se plaas waar hulle vir twee dae bruilof gehou het, sê Joseph:

“Mfana, ons was ryk soos die witmense. Ons het geboer met die koring en die bees en die skaap. Toe hulle het kom vat ons grond ...” (p. 50).

Daar gebeur hierna ‘n reeks dinge wat aan die een kant spanning skep tussen Paul en Joseph, maar wat aan die ander kant veroorsaak dat hulle mekaar beter leer ken en die verhouding tussen hulle hegter maak. Paul is hoogs ontsteld wanneer Pieter vir Joseph en ander skoonmakers in die Buick afneem, en hy verduidelik aan Pieter dat hy geen drome van sy eie het nie, maar net aan sy pa dink en wens dat hy oud genoeg was om die Buick te ry (p. 57). Wanneer Joseph vir Paul vra waarom hy so baie in die Buick sit, sê die seun:

“Ek verlang na my pa, Joseph. Ons het elke Saterdagoggend Emmarentia-dam toe gery. Ons het gaan kyk na die voëls en klippe gegooi. Hy het vir my goed gewys waarvan net hy geweet het. Wanneer ek in die Buick sit, voel ek hy’s by my.” (p. 61)

Eendag wanneer Paul van die skool af kom, tref hy sy ma, wat ‘n drankprobleem het, bewusteloos op die vloer aan, en dit is vir Joseph wat Paul gaan soek om hom te help (p. 64-65). Joseph help vir Paul met deernis en hanteer Paul se ma, ten spyte van die hopelose toestand waarin sy verkeer, met groot respek. Dit is duidelik dat Paul vir Joseph vertrou en op hom reken wanneer hy ‘n volwassene se hulp nodig het.

Paul se ma word kort hierna gedwing om die Buick aan Joseph te verkoop sodat Cilliers, Paul se oudste broer wat Springbokkleure in swem verwerf het, oorsee kan gaan saam met die Springbok-span. Alhoewel sy ma aan hom probeer verduidelik dat sy geen ander keuse gehad het nie, dat Joseph die motor sal waardeer, dat dit op dieselfde plek sal bly staan en dat hy steeds in die motor kan gaan sit soos dit sy gewoonte is, is Paul hoogs ontsteld en opstandig. Hy sê aan sy ma: “ ... dis nie meer Pa se kar nie ...”, en hy voel verraai deur Joseph wat as’t ware die motor van hom (en in Paul se gemoed) ook van sy pa weggeneem het. Die mate waarin hierdie verlies van die motor vir Paul ontstel, blyk daaruit dat hy die dag nadat hy die nuus gehoor het, nie skool toe gaan nie, maar halfpad van die bus afklim, terugkeer huis toe en as hy by die Buick kom waar hy op sy gewone plek in die parkeergarage staan, sy skêr uithaal en die deur van die motor daarmee krap. Wanneer hy in ‘n hoogs ontstelde gemoedstoestand hierna alleen in die woonstel is, droom hy dan hy sit in die Buick wat vol water is, en waarin daar visse en seeplante is. Hy sien ‘n figuur wat agter die stuurwiel sit, en toegedraai is in groen verbande. Hy herken hierdie figuur as sy pa aan die hande wat nie toegedraai is nie. Sy pa draai dan eers die verbande om sy kop los, draai sy kop na Paul en maak daarna die deur aan sy kant oop. Sy pa trek

vir Paul uit die motor uit en help hom om die strand te bereik. Die droom weerspieël Paul se behoefte om vrede te maak met sy pa se dood en om homself los te maak van sy pa en die motor wat sy pa verteenwoordig. Volgens die droom is dit ook sy pa se wens dat hy hierdie breuk moet maak, want dit is sy pa self wat hom uit die motor haal en hom aanmoedig om sy eie pad te loop, vergelyk:

Hy trek my uit die Buick uit. (...) Ons swem opwaarts. Ek sien die bodem ver onder my. Die Buick word dof. (p. 72)

en verder:

Toe ons deur die oppervlak breek, voel ek vir die eerste keer of ek amper verdrink het. Ek hyg en hoës. Die soutwater brand my keel. Voor ons strek 'n wit strand uit. Dit lyk soos Margate s'n. Daar is net nie mense nie. Pa stoot my in die rigting van die strand.

'n Brander vat my en spoel my uit. Die sand voel grof teen my vel. Pa beduie vir my dat ek van die see af moet weg. Hy waai. Die laaste wat ek van hom sien, is 'n groen hand wat wegsink in die water. Ek staan op en loop tot op die droë sand. (p. 73)

Die betekenis van die droom kan saamgevat word deur die gesprek tussen Pieter en Paul waarin die jonger broer deur sy ouer broer gevra word waarom hy droom, en Paul dan sê:

“Daar's niks nie. Ek dink net oor Pa en die Buick en ek wens ek was oud genoeg om die Buick te ry.” (p. 57)

Pieter antwoord dan hierop:

Die Buick was Pa se droom, Paul. Dis tweedehands. Dis oud. Jy moet jou eie droom kry. (p. 57)

Die manier waarop Paul optree nadat hy uit hierdie droom wakker word, bevestig dat die droom hom gehelp het om groter selfstandigheid te bereik. Wanneer hy net na die

droom bad, word hy vir die eerste keer bewus van die lang hare op sy bene, van "n paar" op sy bors en ook van die hare op sy gesig. Hy besef dus dat hy besig is om 'n man te word, en vir die eerste keer skeer hy ook homself soos sy pa hom geleer het op die laaste oggend wat hulle saam was (p. 2-4). Hierna vaar hy ook alleen die stad in, en wanneer hy terugkeer huis toe, erken hy teenoor sy ma dat dit hy is wat die Buick gekrap het.

Paul is ook nou bereid om dinge tussen hom en Joseph reg te maak, want dit is hy wat vroeg die volgende oggend na Joseph se kamer toe gaan met die wete dat hy oor die Buick moet praat. Joseph behandel die kind op 'n vaderlike wyse. Hy sê dat sy hart swaar is, dat hy nie kon slaap nie en dat hy vir Paul gewag het. Joseph sê ook vir Paul dat hulle moet praat, "eers die slegte melk uit die kalbas gooi" (p. 76) en daarom wil hy vir Paul na "die plek van die water" neem, volgens hom "die plek van jy en jou pappie" (p. 76). Wanneer Paul dan op Joseph se bed gaan lê en wag terwyl die ou man regmaak, assosieer hy die reuk van die Lifebuoy-seep met herinneringe aan sy Oupa Meyer. Dit is duidelik dat Joseph nou die vaderfiguur geword het wat Paul nodig het. Dit blyk veral wanneer hy Joseph se oorbelle opmerk, en dan dink:

Skielik pla iets my. Ek kan nie onthou of Pa in die droom sulke oorbelle gehad het of nie. (p. 77)

In die gesprek tussen Joseph en Paul hierna, verduidelik Joseph waarom hy die motor wou koop, maar hy praat ook met Paul oor die rasseverskil tussen hulle. Joseph verwys na die gebrek aan respek waarmee hy deur wit kinders behandel word, en wanneer hy vir Paul sê dat hy vir hom omgee soos vir sy eie kleinkind, wonder hy of dit sy swart vel is wat veroorsaak dat die kind hom sleg behandel, vergelyk:

Ek sien jou soos my kind se kind. Soos jou mammie hy's dronk ek gaan help jou. Jy kruip hier binne my hart.

Ek sê vir die cleaners: Ek, ek is Paul van Zyl se ubabamkhulu. Hulle lag vir my. Hulle sê: Die wit kind, hy gaan jou seermaak, Joseph. Ek sê vir hulle: Hy is nie dieselfde soos die ander wit kinders nie. En nou jy krap my kar, Paul. Is dit oor ek het die swart vel? (p.80).

Hoewel Paul nie hierop antwoord nie, blyk sy berou oor die manier waarop hy vir Joseph behandel het daaruit dat hy begin huil, nie net omdat hy vir Joseph seergemaak het nie, maar oor alles wat die lewe vir hom so moeilik gemaak het sedert sy pa se dood. Joseph besef ook nou dat dit nie rassisme was wat Paul so aggressief teenoor hom laat optree het nie, maar dat dit 'n uiting van die kind se eie pyn was, vergelyk sy woorde aan Paul terwyl hulle saam langs die dam staan:

Die krap op die Buick, ek kan hom laat regmaak, Paul. Maar die krap op jou hart, hy gaan nog lank bloei. (p. 80)

Teen die einde van die verhaal is die kind se probleme dus nie opgelos nie, maar hy het begin om sy pa se dood te aanvaar, en daar is 'n verhouding van begrip en vertroue tussen hom en Joseph, en die swart man het vir hom die plek ingeneem van sy pa. Dit blyk veral as Paul vir Joseph die nes van die dwerggans gaan wys wat sy pa vir hom gewys het op die laaste oggend wat hulle saam was, en wat die kind beskou het as 'n geheim wat net hy en sy pa gedeel het.

3.5 SAMEVATTING

In al die verhale wat in hierdie hoofstuk bespreek is, kom karakters van verskillende rasse in noue kontak met mekaar, en hulle word as ewe menswaardig geteken. In *Die sakmense* word die wit en die swart meisie ewe sterk geteken, sodat daar van twee hoofkarakters gepraat kan word, en in *Karel Kousop* en *Droomwa* word die eerstepersoonvertellers wat die hoofkarakters van die verhale is, tot belangrike insigte gebring deur hul kontak met swart karakters.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN SPESIFIEKE JEUGVERHALE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word drie verhale bespreek wat in 1995 gepubliseer is, dus aan die einde van die periode wat ondersoek word. Hierdie verhale is *Terug na Grootgeluk* deur Hannah Bell, *'n Reënboog oor Grootbaai* deur Mary-Ann van Rensburg en *'n Roofvoël uit die ooste* deur Rona Rupert. Daar sal weer nagegaan word op watter manier rasseverhoudinge 'n rol speel in hierdie verhale.

4.2 TERUG NA GROOTGELUK – HANNAH BELL

Die verhaal *Terug na Grootgeluk* deur Hannah Bell handel oor Martin, 'n seun wat sopas sy matriekeksamen afgelê het, en wat in die verloop van die verhaal leer om sy verantwoordelikhede te aanvaar ten opsigte van sy gesin en om ook op 'n verantwoordelike manier besluite te maak oor sy eie toekoms. Martin en sy Ma en kleinsus bly by hulle Ouma in Pretoria waarheen hulle verhuis het nadat Martin se Pa vyf jaar tevore in 'n vliegtuigongeluk op sy plaas in Zimbabwe gesterf het. Die verhaal handel oor Martin se terugkeer na die plaas, Grootgeluk, in Zimbabwe waar hy voor probleme en krisissituasies te staan kom waardeur hy groter volwassenheid bereik.

Martin ontmoet tydens hierdie tyd weer vir Coralie, die dogter van die buurplaas, wat hy as 'n dogtertjie geken het, en wat nou in 'n aantreklike meisie verander het, en daar ontwikkel 'n mooi verhouding tussen die twee jongmense. Verder is die situasie op Grootgeluk problematies wanneer Martin daar opdaag: die plaas word gehuur deur 'n man

met die naam van Ben Dumond wat ander mense vermy en wat ook vir Martin laat verstaan dat hy nie op die plaas welkom is nie. Gedurende die verloop van die verhaal leer Martin egter vir Dumond beter ken en nadat hulle twee saam verskeie krisisse beleef het, kan Martin ook vir Dumond help om sy probleme op te los.

Hoewel *Terug na Grootgeluk* dus handel oor 'n tydperk van volwassewording van die hoofkarakter, Martin, vorm die verhouding tussen mense van verskillende rasse wel 'n subtema in die verhaal. Hierdie tema kom ter sprake in die manier waarop die verhouding tussen Martin en die swartman, Mhuka, en sy seun, Tambo, uitgebeeld word.

Ben Dumond het 'n kok met die naam Mhuka, 'n Shona. Hy het vir Martin en Lood, die seun van die buurplaas opgepas toe hulle kleuters was, en goed vir hulle gesorg. Daar was nooit 'n houding van meerderwaardigheid of minderwaardigheid tussen Mhuka en Ben Dumond nie. Alhoewel Ben Dumond 'n kwaai man is, gaan dit goed tussen hom en Mhuka.

Mhuka se seun, Tambo, is die bestuurder van Ben Dumond se winkel. Martin sê dis goed dat Tambo 'n bestuurder van die winkel is, want hy was altyd beter met somme as hyself (p.21) Hy sê ook Tambo sal die winkel goed bestuur vir Dumond, aangesien Tambo altyd die beste by die dip vinniger getel het as hy.

Die verhouding tussen Martin en Tambo is nie beledigend nie, en dit is ook nie gesaghebbend van Martin se kant nie. Die twee seuns word as gelykes uitgebeeld. Die aard van die verhouding tussen die seuns blyk veral wanneer Martin vir Ben Dumond help om die geld by Tambo te gaan haal. Dumond kan self nie bestuur nie, want hy is siek. Tambo en Martin herken mekaar dadelik toe Martin by die winkel kom. Tambo staan agter die toonbank van die winkel, en uit die hartlike manier waarop hulle mekaar groët, is die verhouding tussen hulle duidelik dié van vriende en nie tipies van die swart-wit verhouding in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. In plaas daarvan dat Tambo vir Martin sê "baas,"

sê hy "maat." Dit is nie Martin wat as die leier uitgebeeld word, met Tambo as sy volgeling uitgebeeld nie. Dit is Tambo wat kleintyd vir Martin alles geleer het, soos hoe om jakkalse te vang, hoewel Martin erken dat hy nie alles kan onthou wat Tambo hom geleer het nie.

Wanneer Martin by die winkel aankom om die geld te haal, was daar moeilikheid. Buite die winkel was daar manne met AK47 gewere. Martin en Tambo moet 'n plan maak om die geld weg te neem. Martin se plan om die geld in 'n emmer met suiker of meel bo-oor gepak sal volgens Tambo nie werk nie.

Tambo besluit dat hy saam met Martin moet teruggaan na Ben Dumond toe. Dit is Tambo se idee om die geld in die wiele van die fiets in te pak wat die seuns help om uit die moeilikheid uit te kom. Tambo praat met die diene wat Dumond se geld kom steel en hy neem ook leiding in die dinge wat hulle moet doen om te oorleef, soos om uit te trek wanneer die misdadigers hulle beveel om dit te doen.

Ben Dumond bedank Tambo en Martin nadat hulle van die hele episode vertel het. Martin sê vir Ben dat dit Tambo is wat die plan gemaak het. Ben sê dat Tambo slim is en dat hy hom sou help om verder te leer en onderneem om sy fiets te laat regmaak wanneer hy weer dorp toe gaan.

Die goeie verhouding tussen Martin en Mhuka blyk ook uit die ou man se woorde wanneer Dumond siek word, en Martin besluit dat hy die vol Buzirivier moet deurswem om te gaan hulp soek. Mhuka se oë is vol tranes as hy sê: "Ek groet jou, Martin, kind wat ek grootgemaak het."(p.48).

4.3 'N REËNBOOG OOR GROOTBAAI – MARY-ANN VAN RENSBURG

Hoewel hierdie verhaal handel oor die probleme wat 'n tiener in sy gesinslewe beleef, is daar 'n subtema van rasseverhoudinge wat aandag verdien. Die hoofkarakter van die

verhaal is Tom, 'n veertienjarige seun, en die verhaal gaan oor veranderinge en nuwe ervaringe wat Tom moet leer om te hanteer.

Tom is deel van 'n gelukkige gesin. Hy woon saam met sy Pa, Ma, ouer suster en broer in Pretoria waar hy baie goeie maats het, en sy lewe draai verder om sy duiwe en judo waarin hy alreeds 'n silwer medalje in die S.A. Kampioenskappe verower het. Dan ontwikkel Tom egter probleme met sy enkels en hy hoor dat hy nooit weer judo kan beoefen nie. Verder kry Tom ook die nuus dat sy Pa vir sy werk na Kaapstad verplaas is, wat beteken dat hy sy maats en sy duiwe sal moet agterlaat wanneer hulle na Kaapstad verhuis. Boonop word Tom se Ouma, vir wie hy baie lief is, met terminale kanker gediagnoseer. Hierdie negatiewe veranderinge stem Tom aanvanklik baie moedeloos, maar dit vorm uiteindelik die motivering vir groei tot groter persoonlike krag en die insig dat die lewe met hoop en moed aangepak moet word, selfs al lyk dit asof alles verlore is.

Een van die positiewe uitvloeisels van die feit dat Tom na Kaapstad moet verhuis, en dat hy nie meer judo kan beoefen nie, is dat hy leer branderplank ry. Hierdeur ontmoet hy ook nuwe vriende in die vreemde omgewing. Hy leer onder andere twee swart seuns, Zondi en Gampu ken, en daar ontstaan 'n baie goeie verhouding tussen Tom en hierdie seuns waardeur hy ook hulle wêreld leer ken, en inspirasie put uit die moedige manier waarop hulle krisis hanteer.

Zondi en Gampu is Xhosas, maar hulle kan Afrikaans praat. Hulle pa bring hulle elke dag strand toe in een van sy taxi's as hy mense Seepunt toe moet bring. Hulle gaan altyd saam in die swembad tussen die rotse voor die hotel by Saunder's Rock swem. Hulle surf ook goed.

Gampu en Zondi help vir Tom toe 'n geweldige golf hom eendag onder die water intrek. Tom en sy vriende plaas ook advertensies in mense se posbusse om sakgeld te verdien. Omdat Zondi en Gampu vir Tom gehelp het, groei daar by Tom 'n houding van

groot waardering vir sy swart maats. Hennie het vir Tom gesê dis Zondi en Gampu wat op hulle planke ingegaan het toe hulle sien hy is in die moeilikheid. Tom het dankbaar gekyk na Zondi se gespierde boarms. Gampu herinner Tom ook dat hy gered is omdat sy Ouma vir hom gebid het.

Wanneer Tom vir die eerste keer hoor dat Zondi en Gampu Xhosa, hulle moedertaal, praat, besef hy dat die goeie Afrikaans wat hulle altyd met hom praat, hulle tweede taal is. Hy maak 'n waarderende opmerking hieroor, en Zondi verduidelik dat hulle Ma altyd met hulle Afrikaans praat, terwyl hulle pa met hulle Xhosa praat. Zondi sê vir Tom hy surf so goed soos Hennie. Omdat Tom geleer het om te surf, vind hy dat surf lekkerder is as judo. Tom leer 'n belangrike les van Zondi terwyl hulle die advertensies in mense se posbusse gooi om sakgeld te verdien. By een huis skree 'n vrou vir hulle op 'n baie onbeskofte manier dat sy nie gemors in haar posbus wil hê nie, en dreig die seuns met haar hond. Tom raak kwaad vir die vrou, maar Zondi lag en sê vir Tom dat hy dit moet vergeet, aangesien dit nie die moeite werd is om kwaad te word nie. Tom besef dat Zondi reg is en dat dit niks help om jou humeur te verloor nie. Hy bewonder Zondi se vermoë om kalm te bly. Later sê Tom ook aan Hennie dat hy iets geleer het uit die dag waarop hulle die advertensies versprei het, naamlik dat dit baie gaaf was van Zondi en Gampu om die geld wat hulle hieruit kan verdien, met hulle te deel. Die swart seuns het as ware vriende opgetree, aangesien niks hulle verplig het om vir Tom en Hennie die geleentheid te gee om saam met hulle sakgeld te verdien nie.

Tom raak baie bekommerd wanneer hy nie vir Zondi en Gampu op die strand sien nie. Hy hoor hierna oor die televisienuus van die dood van vyf mense tydens 'n skietery in 'n taxi-oorlog in Khayelitsha waar Gampu en Zondi woon. Tom is geweldig ontsteld, want hy weet dat Zondi se pa ook taxi's besit en dat hy dus ook in gevaar kan wees. Hy wonder ook wat met Zondi en Gampu gebeur het toe daar in die nuus gesê word dat 'n groep jeugdiges

wat om die brandende taxi's vergader het, met rubberkoeëls uiteengejaag is. Hy kan nie help om te wonder of Zondi en Gampu deel was van hierdie jeugdiges nie. Hy dink aan hulle as "Die twee ouens wat saam met hom en Hennie swem en plankry" en as "sy maats wat sy lewe gered het" (p. 68). Tom probeer skakel om uit te vind wat met die swart seuns en hulle pa gebeur het, maar die enigste nommer vir Mateyise wat hy in die telefoongids kan vind, behoort nie aan Zondi se pa nie. Tom se pa bel die skoolhoof waar die twee seuns skoolgaan, maar die twee seuns is nie daar nie. Navrae by die polisie en hospitale lewer ook niks op nie.

Tom bly baie bekommerd oor sy twee maats, en selfs wanneer die operette by die skool al sy aandag verg, en sy ouma boonop so siek raak dat hulle besef die dood is baie naby vir haar, dink hy nog voortdurend aan hulle, en wonder wat met hulle gebeur het. Hy hou byvoorbeeld die nuus en die koerante dop, maar dit lewer niks op nie (p. 69-70), op die aand van die operette by die skool wens hy dat Zondi en Gampu ook daar kon wees (p. 71) en toe hy wakker word op die oggend na die operette is die vraag van hulle veiligheid een van die eerste gedagtes wat by hom opkom (p. 77).

Tom se ouma is op hierdie tydstip sterwend, maar wanneer hy die geleentheid kry om vir 'n kort rukkie strand toe te gaan, sien hy vir Zondi en Gampu kort na mekaar op hulle planke agter Hennie aankom, nes altyd, asof hulle nooit weg was nie. Tom is baie bly om hulle te sien en vra waar hulle was. Hoewel Tom jammer is om te hoor dat een van mnr. Mateyise se taxi's heeltmaal uitgebrand, en 'n ander een deur klipgooiery sleg geduik en verfaf is, is hy baie verlig om te hoor dat Zondi se pa nie beseer is nie, aangesien hy in 'n onbeskadigde taxi was op die stadium toe die skade aangerig is.

Die swart seuns se houding oor die gevaar waarin hulle verkeer het, is vir Tom 'n voorbeeld van hoe 'n mens probleme, asook die lewe in die algemeen, moet benader. As Hennie vra of hulle nie bang was tydens die taxi-oorlog nie, sê Zondi: "Ons is nie bang

nie! (...) Ons pa sê 'n mens moet moed hê. 'n Mens moet aangaan.' (p. 81). Hierdie woorde van Zondi herinner aan wat Tom se ouma vroeër vir hom gesê het oor die dood. Sy verwys hom na Psalm 89 in die Bybel en sê dan dat die dood net 'n deur is waardeur 'n mens moet gaan en vra vir Tom om nie bang te wees wanneer die tyd kom dat sy moet doodgaan nie (p. 36). Dit is ook Ouma se sterwenswoorde aan Tom (p. 82), en hoewel hy baie hartseer is oor haar dood, het hy van haar en sy swart maats geleer om die lewe met moed aan te pak en nie bang te wees nie. Dit blyk uit sy gedagtes wanneer hy na sy ouma se dood huis toe gaan, en die reënboog wat oor Grootbaai lê, sien as 'n teken van hoop en moed, vergelyk:

En meteens weet Tom dat hierdie reënboog 'n teken is – 'n teken van hoop en moed, soos Ouma gesê het. En hy hoor weer vir Zondi sê: 'Nee, ons is nie bang nie.' (p. 86)

4.4 'N ROOFVOËL UIT DIE OOSTE - RONA RUPERT

Hierdie verhaal speel af gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Wanneer die verhaal begin, word vertel dat Emma saam met haar ma en pa en haar silwergrys Persiese kat, Polka, saam is in die sitkamer van hulle huis (p.1). Emma, die hoofkarakter van die verhaal, is tien jaar oud volgens 'n opmerking van haar ma op die tweede bladsy van die verhaal. Daar word vertel dat Emma se pa met sy kop teen die radio sit in 'n poging om die verloop van die oorlog te volg. Volgens 'n koerant wat op die mat langs hom lê, is die datum 29 April 1943, en die voorbladfoto van die koerant is van soldate wat holderstebolder skuiling soek in 'n vlak loopgraaf.

Reg van die begin van die verhaal af is die oorlog 'n groot bron van spanning vir Emma. Die nuus oor die verloop van die oorlog is vir haar ontstellend, omdat sy beseft dat baie mense daardeur ly en dat dit die moontlikheid van gevaar ook vir haar en haar familie inhoud. Emma weet egter nie hoe om die nuus oor die oorlog te interpreteer nie, en wanneer

sy haar ouers oor die oorlog uitvra, stel hulle haar net gerus deur te sê dat dit ver weg, in Europa, in 'n ander wêreld geveg word, en dat sy haar nie daarvoor moet bekommer nie. Hierdie houding van die grootmense vererger egter net haar kommer oor die oorlog, sodat sy nie kan ophou om daarvoor te dink nie, sodat sy nie kan slaap nie, en in haar drome daardeur geteister word, vergelyk p.6:

Sy kan nie aan die slaap raak nie. Sy dink aan die gebombardeerde huise sonder buitemure en die stukkende vensters wat byna elke dag in die koerant is. Sy wonder vir die eerste keer: wie het in daardie huise gewoon? Waar is hulle nou? Het hulle katte of honde of voëls gehad? Wat het van hulle geword? Toe sy uiteindelik slaap, droom sy die een nare droom na die ander. Sy word by haar ma en pa in die bed wakker. "Dit kan nie so aanhou nie" sê haar ma, "jy is al tien! Miskien moet jy nie vleis in die aand eet nie. Jy het nooit vantevore nagmerries gekry nie.

Ek kan nie help nie," sê Emma, "ek is jammer vir die mense wat bly waar dit oorlog is. Ek kan nie ophou dink aan hulle nie."

Die oorlog is ook 'n belangrike motivering vir die sosiale konflik wat 'n belangrike tema in die verhaal is. Hierdie konflik is nie, soos gewoonlik in ander Afrikaanse jeugverhale waarin rassekonflik ter sprake kom, tussen wit en swart nie, maar tussen Jood en nie-Jood. Dit fokus veral op die houding van die Afrikaner teenoor die Jode. Die Afrikaner se bevooroordeeldheid teenoor en stigmatisering van die Jode word in die verhaal beklemtoon deur die lot van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie oorlog, wat die agtergrond vorm vir Emma se ervarings in die verhaal, het daartoe gelei dat miljoene Jode deur die Duitsers doodgemaak is.

Volgens die *Grolier Academic Encyclopedia* het die Tweede Wêreldoorlog in Europa op 1 September 1939 begin toe die Duitsers Pole aangeval het, en hierdie oorlog het geduur tot op 2 September 1945. Die oorlog het groot lande soos Duitsland, Japan en Italië

ingesluit teenoor Brittanje en die ander lande van die Statebond, Rusland, Frankryk en later ook die Verenigde State van Amerika. Duitsland en sy bondgenote het die oorlog verloor. Die oorsaak van die oorlog was, volgens Deist et.al. (1990:12) diplomatieke, politieke en ekonomiese probleme wat die gevolg was van ooreenkomste wat gesluit is na die Eerste Wêreldoorlog. Volgens die *Grolier Academic Encyclopedia* was Italië, Duitsland en Japan ontevrede met die ooreenkomste wat in die vredekonferensies na die Eerste Wêreldoorlog aanvaar is. Die leiers het gekla dat hulle lande die slagoffers was van ekonomiese oorlogvoering en hulle het openlik gedreig met oorlog, waarin hulle sou veg vir 'n beter ekonomiese status. Die mense van hierdie lande het gevoel dat demokratiese middele gefaal het om hul lot te verbeter en daarom het hulle hul hoop toenemend begin vestig op anti-demokratiese elemente wat oorlog verheerlik het as die enigste weg tot nasionale redding.

Een van die sterkste voorstanders van hierdie houding was Adolf Hitler, die president van Duitsland, wat 'n sterk weermag, vloot en lugmag opgebou, en in 1933 uit die Volkebond getree het. Hy was die leier van Duitsland vanaf 1933 tot 1945 en was ook die stigter van die Nazi-party wat in die dertigerjare die beheer in Duitsland oorgeneem het. Volgens die *Grolier Academic Encyclopedia* was een van die grondliggende beginsels van Nazisme 'n geloof in 'n meerderwaardige Ariesse ras wat voorbestem was om te heers, saam met 'n intense haat vir die Jode wat uitgeloop het op die instelling van konsentrasiekampe en die groot slagting van die Jode.

Volgens die *Academic American Encyclopedia* was Anti-Semitisme 'n belangrike faktor in Hitler se verkryging van die bewind in Duitsland. Die Jode is mishandel weens hulle rasse-identiteit. Die Nurembergse Rassewetgewing van 1935 het hulle van hulle burgerskap ontnem, en daar was ook wette wat die Jode van hulle posisies in die professies en die burokrasie ontnem het. Alle federale en staatsinstitusies en -organisasies

is gekoördineer, gesuiwer van alle Joodse invloed en onder beheer van die Nazi-party gebring. Gedurende die oorlog het Hitler en sy ondersteuners probeer om die Jode totaal uit te roei. Omtrent ses miljoene Jode is deur die Duitsers doodgemaak, verhongering of sistematies in konsentrasiekampe vergas.

Soos reeds gesê, is Emma in *'n Roofvoël uit die Ooste* van die begin van die verhaal af bewus van die oorlog, en in die loop van die verhaal maak sy dan eerstehands kennis met die uitwerking van die oorlog op die lewe van mense wanneer sy die Joodse seun, Szymon, leer ken. Aan die begin van die verhaal bly Emma, haar ma en pa in die stad, maar dan ontvang hulle die nuus dat haar oupa besig is om te sterf aan 'n ongeneeslike kwaal (p. 7). Wanneer haar oupa kort hierna sterf, besluit haar pa en ma om op die oupa se plaas in die Karoo te gaan boer, dat haar ouma dorp toe sal trek en dat sy by haar ouma sal gaan bly om skool toe te gaan. Hoewel Emma aanvanklik nie voorsien dat hierdie verhuising vir haar moeilik sal wees nie, vind sy dit tog moeilik om in die nuwe skool en in die nuwe dorp aan te pas. Dit is vir haar moeilik om van haar ouers, en veral haar pa, met wie sy 'n baie goeie verhouding het, geskei te wees. By die skool voel sy ongemaklik omdat sy in haar ou skoolklere anders lyk as die ander kinders, omdat sy anders praat as hulle en omdat hulle haar ignoreer, sodat sy alleen en uitgesluit voel. Vergelyk byvoorbeeld Emma se gedagtes wanneer haar ma haar uitvra oor hoe dit by die skool gaan (p.16):

Sy sien in haar verbeelding die eindelose speeltjie waar almal 'n kring om Anita Visagie staan om te hoor wat haar opinie oor alles is. Sy wil nie sê dat hulle haar nie eers raak sien nie. Dat sy nie weet waaroor hulle praat nie. Dat dit haar nie interesseer nie. Vir die res van haar lewe, voel dit, gaan sy so bly staan: alleen, buite die kring.

Emma raak ook bewus van die feit dat mense in verskillende kampe verdeel is as gevolg van politieke groeperinge waarvan sy niks verstaan nie. Haar ouers en ouma sê

byvoorbeeld dat die familie van Anita Visagie, die dogter langs wie Emma in die skool sit, Sappe is, en dat sy haar op 'n afstand moet hou.

Daar gebeur egter twee dinge in die nuwe omgewing wat vir Emma emosioneel van groot waarde is. Die eerste hiervan is haar klavierlesse by mevrou Silke en die tweede is dat sy Szymon leer ken.

Reeds vroeg in die verhaal (p. 7) hoor ons dat Emma volgens die musikonderwyseres 'n "buitengewone aanleg openbaar" vir musiek en dat sy voel dat dit die vak is wat vir haar skool die moeite werd maak. Op die nuwe dorp begin sy met klavierlesse by die Engelse mevrou Silke, en vind dadelik by haar aanklank. Ten spyte daarvan dat hulle verskillende tale praat (vergelyk p. 19) verstaan hulle mekaar ten volle deur middel van hul talent en liefde vir musiek. Wanneer Emma vir die eeste keer hoor hoe mevrou Silke twee nocturnes van Chopin speel, word haar gewaarwording as volg beskryf (p. 19):

Dit is hoe sy die Ander Taal ontdek, dié taal wat sonder woorde alles sê.

Die klavierlesse gee ook aanleiding daartoe dat Emma vir Szymon ontmoet, want dit is wanneer sy een Donderdagmiddag na 'n les op pad is huis toe dat sy vir die eerste keer vir Szymon en sy valk sien. Hy herinner haar aan die prent van die *Lonely Herdboy* wat vroeër bo haar ouma se klavier gehang het, en vir wie sy haar musiek gespeel het gedurende die laaste vakansie op die plaas voor haar oupa se dood (p. 10). Sy is gefassineer deur die manier waarop hy die rooivalk, Alena, hanteer. Sy hoor dat hy 'n Jood is, dat hy van Litaue af kom en by sy oom en tante woon aangesien sy ma, pa en sussie nog in Litaue is. Die twee tieners is dadelik aangetrokke tot mekaar en hulle deel die feit dat hulle albei vreemd en uitgesluit voel in die dorp. Mettertyd leer Emma by Szymon van roofvoëls en van die valkeniersport en Szymon deel ook in Emma se liefde vir musiek. Die kinders spreek af om mekaar gereeld op dieselfde plek te ontmoet na Emma se klavierlesse.

Die feit dat Szymon 'n Jood is, laat vrae by Emma ontstaan oor wie die Jode is, maar wanneer sy haar vrae aan die grootmense stel, antwoord hulle haar nie, of anders help hulle antwoorde haar nie om iets meer van Szymon te verstaan nie. Emma raak ook bewus van die Joodse mense in die dorp en die plekke in die dorp wat iets met die Jode te doen het, soos meneer Rogowski se winkel en die Joodse sinagoge, laat haar aan Szymon dink.

Emma word opnuut bewus van die verloop van die oorlog wanneer haar onderwyser verwys na die bombarderings van Londen, en veral as Szymon haar vertel dat dit as gevolg van die oorlog is dat sy ouers en suster in Litaue moes agterbly terwyl hy saam met sy oom gevlug het. Sy hoor dat hy al vir vyf jaar wag vir sy familie. Emma raak ook bewus van die anti-Joodse gevoel onder haar eie mense, en van die steun vir die Duitsers. Wanneer haar ma 'n dokter nodig het, vra sy byvoorbeeld waarom haar pa nie vir dokter Pintusewitz laat kom het nie, en hy antwoord dat haar ma nie daarvan sou gehou het nie, omdat hierdie dokter 'n Jood is. Wanneer Emma ontsteld wil weet wat verkeerd is met die Jode, sê haar pa "hulle is nie ons soort mense nie" en verduidelik verder (p. 37-38):

Hulle is mense wat volgens hulle eie wette lewe. Hulle eet nie ons kos nie, en hulle sal nie by ons aan tafel sit nie. Hulle gaan nie na ons kerk toe nie, en hulle laat nie toe dat hulle seuns met ons dogters trou nie, of hulle dogters met ons seuns nie.

Hulle wil 'n aparte volk wees. Hulle dink hulle is uitverkies bo ander volke.

Hierdie verduideliking laat Emma vir die eerste keer in haar lewe opstandig voel, en sy antwoord met trane in haar oë (p. 38):

Maar dit is presies wat ons doen! Ons kuier nie by die Engelse nie, ons gaan nie na hulle kerk toe nie, en Ma sê oom Hendrik behoort nie toe te laat dat sy dogter met 'n Engelsman trou nie! Wat is die verskil?

Emma word dus hier bewus van die onregverdigde rassevooroordeel van die Afrikaner wat ander mense stigmatiseer net omdat hulle anders is. Sy besluit egter om haar hierteen te

verset wanneer sy saggies vir haarself sê: “Ek sal maak soos ek wil maak ...” (p. 38). Sy begin vir Szymon uitvra oor die lot van die Jode in die oorlog en word bewus van die lyding van die Jode onder die Nazi’s. Wanneer haar onderwyser die klas opdrag gee om oor die oorlog te lees vir klasbesprekings, is Emma pynlik bewus van alles wat met die Jode en Litaue verband hou (vergelyk byvoorbeeld pp. 48 en 54). Sy besef dat Szymon by die skool die teiken is van die Afrikaners se vooroordele teen die Jode wanneer sy hoor dat Vet Willem en sy broer, Gert, vir Szymon bloedneus geslaan en sy vulpen afgevat het. Sy besef ook dat hierdie houding by die kinders nie uniek is nie, maar ‘n algemene houding onder die Afrikaners, soos blyk uit die koerantberig getiteld “Anti-Joodsheid by die Sappe bespeur” waarin daar berig word:

“‘n Besluit is aangeneem wat daarop aandring dat net ‘gewenste’ immigrante na die oorlog die land binnegelaat moet word. Aangesien die benaming ‘ongewenste vreemdeling’ slegs ‘n eufemisme geword het vir die woord ‘Jood’ kan daar geen twyfel bestaan oor wie bedoel word nie.”

Emma ervaar die leed wat die oorlog en die haat teen die Jode veroorsaak wanneer Szymon hierna nuus ontvang wat daarop dui dat sy familie in ‘n werkkamp in Duitsland beland het. Beide kinders besef dat Szymon waarskynlik nooit weer sy familie gaan sien nie. Kort hierna hoor sy ook dat Szymon moet weggaan Johannesburg toe, en dat hy waarskynlik na die oorlog in Palestina sal gaan woon. Sy besef dat sy hom gaan verloor, en spreek haar hartseer hieroor so uit:

Met wie sal ek gesels as jy in Johannesburg woon? Wie sal vir my platemusiek speel? Wie sal vir my van roofvoëls leer? Wie anders op die wêreld wil weet wat ek dink? Wie, op hierdie hele plek, sal verstaan waarvan ek praat?

Hierdie verhaal handel dus oor die persoonlike leed en verlies wat deur vooroordele en politieke oortuigings veroorsaak kan word. Ten spyte van die feit dat mense op ‘n

persoonlike vlak sielsgenote kan wees, word daar grense tussen hulle opgerig wat hulle nie kan deurbreek nie. Ten spyte van Emma se hartseer oor die feit dat sy Szymon waarskynlik nooit weer sal sien nie, het sy tog persoonlik gegroei en geleer om haar te verset teen dit wat sy as verkeerd sien. Dit word geïllustreer as sy Vet Willem 'n klap gee wanneer hy spottende tekeninge maak op 'n foto van uitgeteerde Jode by 'n koerantberig waarin vertel word dat 4 miljoen Jode in gaskamers gesterf het en 'n verdere 2 miljoen in werkkampe (p. 76). Hierdie gebeure vind plaas ten aanskoue van haar onderwyser en klasmaats en Emma se moed en oortuigingskrag word deur almal bewonder. Emma besef ook aan die einde van die verhaal dat die bande wat haar en Szymon bind, nie verlore sal gaan nie, wanneer sy 'n pakkie van hom ontvang met 'n boek oor roofvoëls en 'n brief daarin. Hy vra haar om nie van valke te vergeet nie en of sy vir hom sal skryf.

Die verhaal handel dus oor rasseverhoudinge, maar plaas dit in 'n wyer konteks as die normale Suid-Afrikaanse swart-wit problematiek. Deur die Joodse vervolging binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog as voorbeeld te neem, word die gruwelike gevolge van rassevooroordele beklemtoon en word hierdie gebeure uit die verlede by implikasie gebruik as waarskuwing sodat hierdie gedragspatroon in die toekoms vermy sal word.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is drie verhale bespreek waarin rasseverhoudinge 'n belangrike rol speel. In *'n Reënboog oor Grootbaai* en *Terug na Grootgeluk* is die verhouding tussen karakters van verskillende rasse 'n subtema in die verhaal, maar in albei gevalle word swart en wit karakters op 'n menswaardige manier uitgebeeld en in albei verhale is dit die swart karakters wat die blanke tieners help om tot belangrike insigte te kom. In *'n Roofvoël uit die Ooste* word die Joodse vervolging tydens die Tweede Wêreldoorlog as voorbeeld gebruik om die verwoestende gevolge van rassevooroordele te illustreer.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

Hierdie studie behels 'n ondersoek na jeugliteratuur, wat gesien word as 'n eiesoortige verhaal met kenmerke wat dit onderskei van ander tipe verhale. Hierdie verhale moet voldoen aan bepaalde sielkundige behoeftes wat daar by die tiener bestaan, soos hulle behoefte aan emosionele onafhanklikheid, voorbereiding vir die volwasse lewe, kennis omtrent die fisiese wêreld, gesonde gesinsverhoudinge, vriendskap en liefde, prestasie, die estetiese en ontspanning en ontvlugting. In besprekings van die jeugverhaal sonder kritici die volgende uit as die vernaamste kenmerke van hierdie soort verhaal:

- Dit moet op 'n realistiese manier die werklikheid waarin die tiener leef, weerspieël;
- Dit moet karakters van verskillende etniese en kulturele groepe op 'n menswaardige manier uitbeeld;
- Dit moet die waardes van die gemeenskap weerspieël;
- Dit moet die selfstandigheid van die tienerjarige bevorder;
- Dit moet wesenlik optimisties wees.

Die doelwit van die studie is 'n ondersoek na die vernuwing van maatskaplike norme in Afrikaanse jeugliteratuur vanaf 1985 tot 1995. Die begrip "maatskaplike norme" word omskryf as die reëls wat in 'n bepaalde kultuur die gedrag van die lede van daardie kultuur bepaal. Dit sluit in: agting vir elkeen se menswaardigheid, gelykberegtiging ongeag ras, geloof of velkleur, die manier waarop probleme in die samelewing opgelos word, 'n erkenning van persoonlike vermoëns en die voorsiening van ontwikkelingsmoontlikhede, die manier waarop die gesinslewe bereël word, en die dinamiek tussen groeperings soos oud/jonk of mans/vroue. Hierdie norme van die samelewing vorm 'n sisteem wat as geheel

deur die lede van die samelewing beheer moet word. Dit is egter so dat daar in bepaalde gemeenskappe sekere norme is wat meer problematies is as andere, en daar word in hierdie studie aangevoer dat die verhouding tussen verskillende rassegroepe uitgesonder kan word as die maatskaplike norm wat vir dekades 'n groot bron van probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing was, en nog steeds nie volkome opgelos is nie. Die dekade voor die totstandkoming van 'n grondwetlik nie-rassige samelewing in Suid-Afrika is gekenmerk deur ingrypende veranderings ten opsigte van die norme rakende die kwessie van ras en velkleur. Daar word dus in hierdie studie gekyk na die uitbeelding van die verhouding tussen verskillende rassegroepe in Afrikaanse jeugliteratuur en die hipotese wat getoets word, is dat die veranderde norme in die samelewing gereflekteer sal word in literatuur vir jongmense ten einde hulle te help om as volwaardige volwassenes op te tree.

Uit die totale aantal jeugverhale wat vanaf 1985 tot 1995 gepubliseer is, is 'n verteenwoordigende aantal gelees. Hierdie verhale is geklassifiseer volgens die volgende vehaaltipes wat as geskik beskou kan word vir tienerlektuur: die nuwe realisme, avontuur- en spanningsverhale, romantiek, sport, historiese verhale, diereverhale en fantasie. Daar is gevind dat die meeste van hierdie verhale as "nuwe realisme" gesien kan word, dus verhale wat handel oor aktuele situasies en probleme waarmee die hedendaagse tieners te doen kry.

Ses jeugverhale waarin rasseverhoudings 'n belangrike rol speel, word ontleed. Drie van hierdie verhale is gepubliseer aan die begin van die dekade 1985-1995 en die ander teen die einde van hierdie periode. Daar is na hierdie verhale gekyk met die verwagting dat die veranderings wat in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het ten opsigte van rasseverhoudinge gereflekteer sal word.

In die eerste plek kan gesê word dat daar nie in enigeen van hierdie verhale sprake is van negatiewe rassistiese voorstellings van swart of ander karakters op grond van rasseverskille nie. Dit wil voorkom asof Töttemeyer (1986) se gevolgtrekking dat

negatiewe voorstellings op grond van kleurverskille teen die begin van die jare tagtig alreeds heeltemal uit Afrikaanse jeugliteratuur verdwyn het, korrek is. Hierdie tendens word ook bevestig deur die ander jeugverhale wat gelees, maar nie volledig bespreek is nie.

Aan die ander kant wil dit egter voorkom asof Esterhuyse (1984) se standpunt oor ongewenste temas in die Afrikaanse letterkunde, net gedeeltelik geld in die verhale wat ontleed is. Veral die volgende twee temas is hier ter sprake:

- Waar swart en wit sosiaal op so 'n wyse saam verkeer dat die lesers hulle as gelykes in 'n geïntegreerde samelewing ervaar;
- Waar die lotgevalle van mense uitgebeeld word wat deur die politieke stelsel nadelig geaffekteer is.

In die verhale wat ontleed is, word die Suid-Afrikaanse samelewing uitgebeeld as ongeïntegreerd en daar word ook erkenning gegee aan die feit dat daar grense en ongelykhede bestaan tussen mense op grond van politieke en sosiale faktore. Daar word egter ook aan die ander kant erkenning gegee aan die nadelige gevolge van hierdie politieke stelsel, en dit is veral belangrik dat karakters uit verskillende rasse- en sosiale groepe as innerlik gelykwaardig uitgebeeld word. Daar word klem gelê op die sielsgenootskap tussen mense en die feit dat ons almal op die psigiese vlak dieselfde probleme en behoeftes het, en dat mense, ongeag van wie hulle is, mekaar kan help in die groeiproses tot groter lewenskennis en selfinsig.

ADDENDUM 1

JEUGVERHALE GEPUBLISEER 1985 TOT 1995

1985

- Badenhorst, C. 1985. *Eerste Afspraak*. Van der Walt.
- Bekker, J. 1985. *Die aand van Johnnie X*. Van der Walt.
- Coetzee, F. 1985. *Rikus en die ding met die Dukse*. De Jager-HAUM.
- Du Plessis, L. 1985. *Seeduiker*. Daan Retief.
- Du Toit, B. 1985. *'n Lang pad huis toe*. De Jager-HAUM.
- Engelbrecht, T. 1985. *Kinders van die Kierangsee*. Daan Retief.
- Immelman, D. 1985. *Die soektog*. De Jager-HAUM.
- Jonker, A. en Honeyman, K. 1985. *Somer van die stormvoël*.
- Karsten, C. 1985. *Floris Sapiens*. Tafelberg.
- Kruger, L. 1985. *Donkerboskind*. Tafelberg.
- Maartens, M. 1985. *Die sakmense*. Tafelberg.
- Maartens, M. 1985. *Gezina en die bruin wind*. HAUM.
- Maartin, W. 1985. *Noem my zol*. Tafelberg.
- Marais, A. 1985. *Drama in die wildtuin*. Fontaine.
- Marais, A. 1985. *Die verstekeling: 'n jeugverhaal*. Fontaine.
- Maritz, E. 1985. *As die vleiloerie roep*. Daan Retief.
- Martin, W. 1985. *Die towerkat*. Perskor.
- Pieterse, E. 1985. *Die spookboot van Omdraai verby*. De Jager-HAUM.
- Pieterse, P. 1985. *Dag van die reuse*. HAUM.
- Rossouw, K. 1985. *Avontuur in die Cederberg*. Waterkant.
- Roux, J.N. 1985. *Die geheim van Kranskloof*. Waterkant.
- Rupert, R. 1985. *Ek is Gideon*. Tafelberg.
- Sassen, P. 1985. *Die jaar toe Lora dertien was*. Perskor.
- Smit, J. 1985. *Dwelmgevaar op Krombaai*. Waterkant.
- Steenberg, E. 1985. *Pik=Swart*. De Jager-HAUM.
- Steyn, E. 1985. *Projek maanblom*. Tafelberg.
- Van Blerk, H. 1985. *Die edelvalk van Donkerkruin*. Juventus.
- Van Niekerk, D. 1985. *Die haasvanger*. Tafelberg.

- Venter, De Waal. 1985. *Hoeveel tone het 'n bobbejaan?*. Human & Rousseau.
- Venter, P. 1985. *Die maan skyn so helder jy kan op Jupiter sien*. HAUM-Literêr.
- Volschenk, J. 1985. *Rekordtyd – 1:29,2*. Tafelberg.
- Volschenk, J. 1985. *Onheil op Eselsrus*. HAUM.

1986

- Ackermann, P. 1986. *Die vaskopstryd*. Daan Retief.
- Badenhorst, C. 1986. *Lourierkrans vir 'n wenner*. Perskor.
- Badenhorst, C.S. 1986. *Wat geld nie kan koop nie*. Perskor.
- Bosman, W. 1986. *Tom. Juta*.
- Chait, T. 1986. *Josua en sy rekenaar*. Human & Rousseau.
- Coetzee, J. 1986. *Die ysterpad see toe*. Tafelberg.
- De Villiers, F. 1986. *Die kermiskomper*. Klipbok.
- Dirks, C. 1986. *Die Otters en die skateiland van die Seychelles*. Perskor.
- Dirks, C. 1986. *Joof en sy maats en die dwelmsmokkaars*. Perskor.
- Greyling, F. 1986. *Helena en die tyd van die tente*. Tafelberg.
- Grobbelaar, P.W. en Du Plooy, M. 1986. *Avontuurkamp*. Perskor.
- Hough, B. 1986. *My kat word herfs*. Tafelberg.
- Joubert, J. 1986. *Siska se goue dag*. Van der Walt.
- Kleinhans, S. 1986. *Die pad oor die duin*. Perskor.
- Kruger, J. 1986. *Vir Meneer*. Perskor.
- Leroux, M. 1986. *Langebaan! Parys- retoer*. Tafelberg.
- Maritz, E. 1986. *Gelukbringer*. Boekateljee.
- Neetling, K. 1986. *Die deelnemers*. Tafelberg.
- Nel, H. 1986. *Ruiters van Rondekop*. Daan Retief.
- Potgieter, L. 1986. *Probleme op Grensplaas*. Daan Retief.
- Prinsloo, P. 1986. *Nag van die nonnetjie-uil*. Juventus.
- Rossouw, K. 1986. *Operasie blou disa*. Daan Retief.
- Rossouw, K. 1986. *Jacques Roux se vuurdoop op Ceres*. Waterkant.
- Roux, J. 1986. *Die vaart van die Orion*. Waterkant.
- Scott, L. 1986. *Op die rostrum*. Perskor.
- Snyman, A. 1986. *Die silwer wiel*. Tafelberg.
- Steenberg, E. 1986. *Slapende honde miaau nie*. Tafelberg.
- Steyn, E. 1986. *Sam Mvusi: avontuur op Groenheuwel*. Educum.

- Van Heerden, M. 1986. *Sirkus toe saam met 'n tier*. Human & Rousseau.
- Van Staden, J. 1986. *Dawie Uys – die sluipers*. Perskor.
- Van Staden, J. 1986. *Ystervuis*. Juta.
- Winckler, H. *Kolman*. 1986. HAUM.

1987

- Ackerman, P. 1987. *Kruipslag*. Daan Retief.
- Ackermann, P. 1987. *Rekords is vir weners*. Daan Retief.
- Badenhorst, C.S. 1987. *Lewenslange gevangene*. Perskor.
- Bell, H. 1987. *Keel van 'n reënduif*. De Jager-HAUM.
- Brits, J. J. 1987. *Die ligblou kano*. Human & Rousseau.
- Coetzee, B. 1987. *Kinders van die Imperaniberg*. Daan Retief.
- Cornelius, A. 1987. *Die vloek van Lamondo*. Van der Walt.
- De Villiers, F. 1987. *Suidpunt-fietstoer*. Klipbok.
- Döckel, A. 1987. *Om te wen*. Human & Rousseau.
- Heine, M. 1987. *Kinders van Orion*. Perskor.
- Kruger, J. 1987. *Die vierde dag*. Van Schaik.
- Linde, F. 1987. *Die fluitspeler*. Daan Retief.
- Maartens, M. 1987. *Die inkvoël*. Tafelberg.
- Marais, A. 1987. *Die stormwind waarskuwing ...* Fonteine.
- Marais, A. 1987. *Die verre roepstem: 'n Hugenate gesinsverhaal*. Fonteine.
- Myburgh, K. 1987. *Die ondergang van die pakketskip Lightning*. Perskor.
- Pieterse, E. 1987. *Die geheim van die leë huis*. Daan Retief.
- Rossouw, K. 1987. *Kowa*. Waterkant.
- Rossouw, K. 1987. *Op die spoor van blou goud*. HAUM.
- Rossouw, K. 1987. *Rooi somer*. Waterkant.
- Rupert, R. 1987. *En wat van my?* Tafelberg.
- Rupert, R. 1987. *Nou wil almal sien*. Human & Rousseau.
- Schüler, R. 1987. *Karooovonds*. HAUM.
- Smit, J. 1987. *Moord op Krombaai*. Waterkant.
- Snyman, A. 1987. *Nagbrug*. Human & Rousseau.
- Snyman, A. 1987. *Sandedans*. Human & Rousseau.
- Steyn, E. 1987. *Die kinders van Sengeti*. Juventus.
- Swart, P.D. 1987. *Die land onder die water*. Human & Rousseau.

- Van der Vyver, M. 1987. *Tien vir 'n vriend*. Tafelberg.
 Van Niekerk, C. 1987. *Die held van wagenspoort*. Folio.
 Van Schalkwyk, N. 1987. *'n Skuilhoek vir die jagwesp*. Perskor.
 Van Wyk, M.M. 1987. *Vang vir my die maan*. Daan Retief.

1988

- Barnard, C. 1988. *Voetpad na Vergelegen*. Tafelberg.
 Brits, J. J. 1988. *Die inbraak*. Human & Rousseau.
 Calitz-Bekker, J. 1988. *Die vloek van die Koka-God*. Daan Retief.
 Cilliers, A. 1988. *Sem se bosvoël*. Van der Walt.
 Dirks, C. 1988. *Joof en sy maats en die ivoordiewe*. Perskor.
 Lamprecht, I.D. 1988. *Geheim van die Neusberg*. Perskor.
 Maartens, M. 1988. *Is Gideon dan 'n swartskaaap?* HAUM-Daan Retief.
 Pieterse, P. 1988. *Die pad na die see*. Tafelberg.
 Van Rensburg, R. 1988. *Nagboek*. Van der Walt.
 Victor, E.B. 1988. *Die nag van die wolf*. Daan Retief.

1989

- Alexander, J. 1989. *Een uit tien*. Tafelberg.
 Coetzee, J. 1989. *Die vlugteling André de la Fontaine*. Tafelberg.
 Coetzee, J. 1989. *Trekspoor in die wildernis*. Tafelberg.
 De Vos, P. 1989. *Belladonna, prima donna*. Tafelberg.
 De Wit, A. 1989. *Operasie bom*. Tafelberg.
 Dirks, C. 1989. *Die otters se fietstoer*. Perskor.
 Hendriks, P.G. 1989. *Verkenners na vryheid – Louis Trigardt se trek van Xhosaland na Delagoabaai*. Oranjewerkers.
 Kruger, L. 1989. *Son op die water*. Tafelberg.
 Le Roux, M. 1989. *Die koms van die fluitspeler*. Van der Walt.
 Maartens, M. 1989. *'n Pot vol winter*. HAUM-Literêr.
 Nel, H. 1989. *Francois en die fietsdiewe*. Van der Walt.
 Pieterse, E. 1989. *Waar die leeus brul*. Daan Retief.
 Pieterse, P. 1989. *Anderkant die Groot Rivier*. Tafelberg.
 Prinsloo, T. 1989. *Die avonture van die ridders*. Daan Retief.
 Rossouw, K. 1989. *Die pad oor die berg kom huis toe*. Tafelberg.
 Steen, P. 1989. *Dwergplaneet*. Tafelberg.

Steen, P. 1989. *Wotan SQ7*. Tafelberg.

Van Dyk, J.H. 1989. *Die kwêvoël kommando – seuns wat manne was: 'n verhaal uit die Tweede Vryheidsoorlog*. Oranjewerkers.

Van Rensburg, M. 1989. *Die geur van jasmyn*. Tafelberg.

Van Rensburg, M. 1989. *Ontdekkings*. Tafelberg.

Van Schalkwyk, N. 1989. *Die wenners*. Perskor.

Venter, De W. 1989. *Vyfff*. Tafelberg.

Viljoen, J. 1989. *Gids in die Andes: 'n verslag van 'n buitengewone ekspedisie*. De Jager-HAUM.

1990

Combrink, J. 1990. *Kierang en Kroon*. Folio.

Haarhof, D. 1990. *Woestyn-Desember*. Human & Rousseau.

Hough, B. 1990. *Droomwa*. Tafelberg.

Maartens, M. 1990. *Gezina en die bruin wind*. Daan Retief.

Marais, R. 1990. *Die goue crusado*. Unibook.

Maritz, E. 1990. *Eiland in die wind*. Tafelberg.

Maritz, E. 1990. *Spantou*. Marius Lubbe.

Pretorius, L. 1990. *Skutter Lukas Nel*. Perskor.

Rossouw, K. 1990. *Wie se hart kan dit dan hou?* Tafelberg.

Rupert, R. 1990. *Speel dit weer*. Tafelberg.

Steenberg, E. 1990. *Ken jy die weerligvoël?* Tafelberg.

Steenberg, E. 1990. *Môre was dit somer*. HAUM-Literêr.

Steyn, C. 1990. *Middelvoor*. Van der Walt.

Volschenk, J. 1990. *Die Steenkoolster*. Tafelberg.

1991

Bezuidenhout, K. 1991. *Vryheidsvlug*. Tafelberg.

Brand, R. 1991. *Sokkerkroon*. Marius Lubbe Uitgewers.

Coetzee, J. 1991. *Vlam van die goudvelde*. Van der Walt.

De Jongh, M. 1991. *Braam en die engel*. Tafelberg.

Dirks, C. 1991. *Die uile vlieg weer*. Perskor.

Greyling, F. 1991. *Kransduif en edelvalk*. Van der Walt.

Greyling, F. 1991. *Meisie sonder naam*. Unibook.

Hoekstra, E.H. 1991. *Die ou fort*. Marius Lubbe.

- Jacobs, P. 1991. *As alles anders was*. Van der Walt.
- Jordaan, A. 1991. *Die blou meermin*. Tafelberg.
- Kotzé, W.J. 1991. *Die heuningvoëltye*. De Jager-Haum.
- Le Roux, M. 1991. *'n Uil op die voëlhok*. Van der Walt.
- Le Roux, M. 1991. *Die prys van 'n witkruis*. Tafelberg.
- Maartens, M. 1991. *Die keerpunt*. Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Nel, H. 1991. *Stormpad na sonskyn*. Van der Walt.
- Nicholas, V. 1991. *Die kind van die son*. Garamond.
- Pfaff, D.N. 1991. *Duine van die dood*. Tafelberg.
- Roux, H. 1991. *Eendag was daar 'n oorlog*. Tafelberg.
- Swart, N. 1991. *Elk vir mekander*. Tafelberg.
- Van der Vyver, M. 1991. *Eenkantkind*. Tafelberg.
- Van Niekerk, B. 1991. *Die rooiberg is hol*. Tafelberg.

1992

- Delport, P. 1992. *Nie vir seuns nie*. Van der Walt.
- Du Plessis, H. 1992. *Disse flippen stukkende wêreld dié, my ou*. HAUM-Literêr.
- Greyling, F. 1992. *Kort voor cul-de-sac*. Tafelberg.
- Hough, B. 1992. *Vlerkdans*. Tafelberg.
- Jacobs, P. 1992. *Wanneer die musiek ophou*. Van der Walt.
- Louw, P. 1992. *Die ontvoering*. Perskor.
- Maartens, M. 1992. *Spinnekopsomer*. Tafelberg.
- Martin, W. 1992. *Krans van die Donsarend*. Van der Walt.
- Nel, H. 1992. *Vrees op Arendskruin*. Van der Walt.
- Nel, I.B. 1992. *Die vosse van Bulberg*. Tafelberg.
- Nicholas, V. 1992. *Haai ... het jy gehoor?* Garamond.
- Olivier, E. 1992. *Tennisdroom*. Marius Lubbe Uitgewers.
- Pieterse, P. 1992. *Die vergete vallei*. HAUM-Literêr.
- Rupert, R. 1992. *Drie lemoene en 'n duif*. Tafelberg.
- Smith, T. 1992. *Nog net een keer*. Perskor.
- Van Rooyen, L. 1992. *Donkermaan oor die kasteel*. Van der Walt.
- Victor, E.B. 1992. *Die geheim van die skedel*. Perskor.
- Weideman, G. 1992. *Los my uit, paloekas!* Tafelberg.

1993

- Coetzee, J. 1993. *Agon en die donker planeet*. Tafelberg.
- Coetzer, T. 1993. *Anderkant môre*. Van der Walt.
- Du Preez, H. 1993. *Tsau word 'n man*. Horne & De Villiers.
- Hendriks, P.G. 1993. *Die grys koedoe*. Human & Rousseau.
- Le Roux, M. 1993. *Groen is die kleur van genade*. Van der Walt.
- Nortjé, P.H. 1993. *Die elfde hekkie*. Tafelberg.
- Phillips, F. 1993. *'n Baie lang brief aan Rolf*. HAUM-Literêr.
- Steenberg, E. 1993. *Hopgalop oor die blink water*. Tafelberg.
- Van Rooyen, E. 1993. *Die duiwe van Botala*. Tafelberg.
- Vermeulen, R. 1993. *Die onheilsdeur*. Van der Walt.

1994

- Alexander, J. 1994. *Wiele*. Van der Walt.
- Botha, T. 1994. *Rebel*. Tafelberg.
- Lamprecht, I.D. 1994. *Die koperperd*. De Jager-HAUM.
- Le Roux, M. 1994. *Sterling*. Tafelberg.
- Potgieter, L. 1994. *Ertjieblom en wildeals: 'n jeugverhaal*. Benedic.
- Preller, M. 1994. *Anderkantland*. Tafelberg.
- Preller, M. 1994. *Daar's 'n spook in my kas!* Human & Rousseau.
- Preller, M. 1994. *Nicola B: streng privaat*. Tafelberg.
- Venter, De W. 1994. *Swaartekrag een komma een*. Human & Rousseau.
- Venter, De W. 1995. *Die weghollers van Teev*. Juta.
- Weideman, G. 1994. *Die optog van die aftjoppers*. Tafelberg.

1995

- Bell, H. 1995. *Terug na Grootgeluk*. Van der Walt.
- Du Plessis, H. 1995. *Bakgat, en wat dan van my?* Human & Rousseau.
- Hartman, A. 1995. *Niemand mag weet nie*. Lux Verbi.
- Hugo, J. 1995. *Die bergavontuur*. Hans Kirsten.
- Kellerman, A. 1995. *Waar die winde heen waai*. Human & Rousseau.
- Prinsloo, L. 1995. *Die geheim van Groukatlaagte*. Human & Rousseau.
- Rossouw, K. 1995. *Somersproete*. Juta.
- Rupert, R. 1995. *'n Roofvoël uit die Ooste*. Human & Rousseau.
- Van Rensburg, M. 1995. *'n Reënboog oor Grootbaai*. Human & Rousseau.

ADDENDUM 2

JEUGVERHALE GELEES

1985

- Bekker, G. 1985. *Die aand van Johnnie X*. Van der Walt.
- Engelbrecht, T. 1985. *Kinders van Kierangsee*. Daan Retief.
- Immelman, D. 1985. *Die soektog*. De Jager-HAUM.
- Karsten, C. 1985. *Floris Sapiens*. Tafelberg.
- Krüger, L. 1985. *Donkerboskind*. Tafelberg.
- Maartens, M. 1985. *Die sakmense*. Tafelberg.
- Maartens, M. 1985. *Gezina en die bruin wind*. Haum.
- Maartin, W. 1985. *Noem my zol*. Tafelberg.
- Rossouw, K. 1985. *Avontuur in die Cederberg*. Waterkant.
- Rupert, R. 1985. *Ek is Gideon*. Tafelberg.
- Van Niekerk, D. 1985. *Die haasvanger*. Tafelberg.
- Van Niekerk, D. 1985. *Karel Kousop*. Tafelberg.
- Volschenk, J. 1985. *Rekordtyd*. 1:29,2. Tafelberg.

1986

- Coetzee, J. 1986. *Die ysterpad see toe*. Tafelberg.
- Hough, B. 1986. *My kat word herfs*. Tafelberg.
- Krüger, J. 1986. *Vir meneer*. Perskor.
- Steenberg, E. 1986. *Slapende honde miaau nie*. Tafelberg.

1987

- Ackermann, P. 1987. *Rekords is vir wenners*. Daan Retief
- Maartens, M. 1987. *Die inkvoël*. Tafelberg.
- Bell, H. 1987. *Keel van die reënduif*. De Jager-HAUM.
- Rossouw, K. 1987. *Rooi somer*. Waterkant.
- Snyman, A. 1987. *Nagbrug*. Human & Rousseau.

1988

- Barnard, C. 1988. *Voetpad na Vergelegen*. Tafelberg.
- Brits, J. 1988. *Die inbraak*. Human & Rousseau.
- Pieterse, P. 1988. *Die pad na die see*. Tafelberg.

Van Rensburg, R. 1988. *Nagboek*. Van der Walt.

Victor, E. 1988. *Die nag van die wolf*. Daan Retief.

1989

Coetzee, J. 1989. *Die vlugteling André de la Fontaine*. Tafelberg.

Coetzee, J. 1989. *Trekspoor in die wildernis*. Tafelberg.

De Wit, A. 1989. *Operasie bom*. Tafelberg.

Krüger, L. 1989. *Son op die water*. Tafelberg.

Nel, H. 1989. *Francois en die fietsdiewe*. Van der Walt.

Prinsloo, T. 1989. *Die avonture van die ridders*. Daan Retief.

Steen, P. 1989. *Dwergplaneet*. Tafelberg.

Steen, P. 1989. *Wotan SQ7*. Tafelberg.

Van Rensburg, M. 1989. *Ontdekkings*. Tafelberg.

Venters, De Waal. 1989. *Vyfff*. Tafelberg.

1990

Combrink, J. 1990. *Kierang en Kroon*. Folio.

Hough, B. 1990. *Droomwa*. Sagteband. Tafelberg.

Maartens, M. 1990. *Plek van dolfyne*. Tafelberg.

Rossouw, K. 1990. *Wie se hart kan dit dan hou?* Tafelberg.

Steenberg, E. 1990. *Môre was dit somer*. HAUM-Literêr.

Volschenk, J. 1990. *Die steenkoolster*. Tafelberg.

1991

Brand, R. 1991. *Sokkerkroon*. Marius Lubbe Uitgewers.

Hoekstra, E. 1991. *Die ou fort*. Marius Lubbe.

Nicholas, V. 1991. *Die kind van die son*. Garamond.

Pfaff, D. 1991. *Duine van die dood*. Tafelberg.

Roux, H. 1991. *Eendag was daar 'n oorlog*. Tafelberg.

Swart, N. 1991. *Elk vir mekander*. Tafelberg.

Van der Vyver, M. 1991. *Eenkantkind*. Tafelberg.

1992

Delport, P. 1992. *Nie vir seuns nie*. Van der Walt.

Greyling, F. 1992. *Kort voor cul-de-sac*. Tafelberg.

Hough, B. 1992. *Vlerkdans*. Tafelberg.

Pieterse, P. 1992. *Die vergete vallei*. HAUM-Literêr.

Rupert, R. 1992. *Drie lemoene en 'n duif*. Tafelberg.

Victor, E. 1992. *Die geheim van die skedel*. Perskor.

1993

Coetzee, J. 1993. *Agon en die donker planeet*. Tafelberg.

Du Preez, H. 1993. *Tsau word 'n man*. Horne & De Villiers.

Nortje, P. 1993. *Die elfde hekkie*. Tafelberg.

Van Rooyen, E. 1993. *Die duiwe van Botala*. Tafelberg.

Vermeulen, R. 1993. *Die onheilsdeur*. Van der Walt.

1994

Alexander, J. 1994. *Wiele*. Van de Walt.

Botha, T. 1994. *Rebel*. Tafelberg.

Lamprecht, I. 1994. *Die koperperd*. De Jager-HAUM.

Le Roux, M. 1994. *Sterling*. Tafelberg.

Preller, M. 1994. *Anderkantland*. Tafelberg.

Preller, M. 1994. *Streng privaat*. Tafelberg.

Weideman, G. 1994. *Die optog van die aftjoppers*. Tafelberg.

1995

Du Plessis, H. 1995. *Bakgat, en wat dan van my?* Human & Rousseau.

Rupert, R. 1995. *'n Roofvoël uit die ooste*. Human & Rousseau.

Van Rensberg, M. 1995. *'n Reënboog oor Grootbaai*. Human & Rousseau.

Van Rooyen, E. 1995. *Die nuwe woud*. Daan Retief.

Bell, H. 1995. *Terug na Grootgeluk*. J.P. van der Walt.

Hartmann, A. 1995. *Niemand mag weet nie*. Lux Verbi.

Prinsloo, L. 1995. *Die geheim van Groukatlaagte*. Human & Rousseau.

BIBLIOGRAFIE

- Academic American Encyclopedia*. 1982. Danbury: Grolier Incorporated.
- Bauer, E. 1966. *The history of World War II*. London: Orbis Publishing.
- Becker, J. 1979. Racism in Children's Books. *Multi-Cultural children's Literature*. 1 (3):1-20.
- Broderick, D. 1973. *Image of the Black in children's fiction*. New York: Bowker Co.
- Broderick, M.M. 1973. *Racism: All things white and beautiful*. New York: Bowker Co.
- Carpenter, H. et.al. 1984. *The Oxford companion to children's literature*. New York: Oxford University Press.
- Cilliers, I. 1988. *Op weg na begrip: Kinderliteratuur vir Suid-Afrika*. . Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Deist, W. et. al. 1990. *Germany and the second world war*. Volume 1. Oxford: Clarendon Press.
- Dixon, B. 1977. *Catching them young 1*. London: Pluto Press.
- Dixon, B. 1977. *Catching them young 2*. London: Pluto Press.
- Du Plooy, H. 1986. *Verhaalteorie*. Durban: Butterworth.
- Esterhuysen, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmerentia: Taurus.
- Freira, P. 1972. *Cultural action for freedom*. Harmondsworth: Penguin Press.
- Grolier Academic Encyclopedia*. 1987. : U.S.A.: Grolier International
- Harold, R. 1972. *Language and class*. . Bristol: Falling Wall Press.
- Iskermus Inligtingstuk. s.j. *Die leesgewoontes van tienerjariges*. Ongepubliseerde ms. Universiteit van Stellenbosch.
- Konterdans, J. (pseud.) 1990. Bekroonde jeugboeke verskil; oor 'Nuwe S.A.'. *Vrye Weekblad* 21 September.

- Kruger, D.W. (red.) 1977. *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasou.
- Laqueur, W. (ed.) 1982. *The second world war*. London: Sage Publications.
- Leo, J. 1988. A chilling wave of racism. *Time* 25 January, p.57.
- Madison, J.P. 1979. Values & Analysis in Multi Racial Childrens' Literature. *Multi-Cultural Childrens' Literature*, 1(3):74-84.
- Maier, K. et. al. 1990. *Great Britain, Germany and the Second World War*. Volume 2. Oxford: Clarendon Press.
- Malan, C. 1982. Die Suid-Afrikaanse Letterkunde en sy sosiale konteks aan die begin van die jare tagtig. *Standpunte*, 35(4):48-67.
- Martin, H. et. al. 1979. *South Africa at war*. Cape Town: London Press.
- Meyer, I.A. 1988. Die rol van fokalisering as manipulerings-tegniek in die produksie en resepsie van jeugverhale: die verhouding tussen volwasse outeur en jeugleser met spesiale verwysing na drie verhale van Dolf van Niekerk. *Literator* 9(2):17-28.
- Milner, D. 1975. *Children and race*. Harmondsworth: Penguin Press
- Muller, C. (red.) 1968. *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Nilsen, A. & Donelson, K. 1993. *Literature for today's young adults*. New York: Harper Collins College Publishers.
- Potgieter, E. 1985. Egte uitbeelding van meisie se ongewone probleem. *Naweek-Volksblad* 9 November.
- Reid, A. 1974. *A concise encyclopedia of the Second World War*. London: Osprey Publishing Limited.
- Richards, J. 1989. *Imperialism and juvenile literature*. Manchester: Manchester University Press.
- Snell, J. 1962. *The outbreak of the Second World War*. Lexington: D.C. Heath & Company.

- Snyman, L. 1987. Jeugboekkroniek: Die sakkemense en Karel Kousop. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1): 71-76.
- Steenberg, E. 1986. Boekbesprekings: Jeugverhale. *Tydskrif vir Letterkunde* 24(1):93-103.
- Steenberg, E. 1992. Rasseverhoudings in jeugletterkunde. *Tydskrif vir Letterkunde* 30(3):101-104.
- Steenberg, E. 1990. 'n Verhaal om lank te onthou. *Beeld* 22 Oktober.
- Steenberg, E. 1986. Is kinderliteratuur 'n selfstandige literêre genre? *Tydskrif vir Letterkunde*, 24(2): 85-88.
- Stinton, J. 1979. (ed.). *Racism and sexism in children's books*. London: Writers & Readers Publishing Co-operative.
- Taylor, A. 1975. *The Second World War – an illustrated history*. London: Penguin Books.
- Taylor, E. 1991. *Heroines of World War II*. London: Robert Hale.
- Töttemeyer, A. 1984. *The racial element in Afrikaans children's & youth literature*. Ongepubliseerde D.Phil.-Tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Töttemeyer, A. 1985. Afrikaanse kinderlektuur as literatuur in 'n veelrassige samelewing. *Literator* 6(2):66-89.
- Van Coller, H. 1993. Jeugliteratuur bly stiefkind. *Die Volksblad* 3 Mei p.2.
- Van Niekerk, D. 1992. Enkele gedagtes rondom jeugliteratuur. *Tydskrif vir Letterkunde* 30(3):10-11.
- Vos, J. en Meijer, C. 1985. *Wegwijs in de jeugliteratuur*. Leiden: Martinus Nijhoff.
- Walker, E.A. 1968. *A history of Southern Africa*. London: Longmans.